1779
KITAL

HUWELIKS-VOORBEREIDING EN -VERRYKING

'n kort handleiding



H. J. BOTES

Kital

1779

R1.50

HUWELIKSVOORBEREIDING EN -VERRYKING

– 'n Kort handleiding –

"Die liefde tussen twee jongmense is 'n natuurverskynsel, dié tussen volwassenes is 'n merkwaardige kunswerk"

Jan Greshoff

HUWELIKSVOORBEREIDING EN -VERRYKING

– 'n Kort handleiding –

H J BOTES

Kital

© Kital
Posbus 460, Pretoria 0001
Eerste uitgawe, eerste druk 1985

ISBN 0 7986 1422 6

Geset, gedruk en gebind deur
NHW-Pers, Pretoria-Wes
Bestellings: Tel. (012) 77-2188

© Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of langs enige elektroniese of meganiese weg weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, plaat- of bandopname, vermikrofilming of enige ander stelsel van inligtingsbewaring.

Inhoudsopgawe

Voorwoord

Afdeling A:

1. Die effek van 'n gesonde voorhuwelikse verhouding met die teenoorgestelde geslag 1
2. Verliefdheid of liefde 8
3. Selfkennis en kennis van die ander persoon is 'n belangrike aspek van huweliksvoorbereiding 11
4. Belangrike faktore by die keuse van 'n huweliksmaat 15
5. Die verlowing 19
6. Die verhouding met ouers en skoonouers 25

Afdeling B:

1. Oorsprong van die huwelik 29
2. Die huwelik as instelling is alleen deur Christus 'n verbintenis met moontlikhede 31
3. Man en vrou as hulp vir mekaar in die geloofslewe 34
4. Man en vrou as geestelike hulp vir mekaar 37
5. Seksuele hulpverlening in die huweliksverhouding 40
6. Kommunikasie in die huwelik 43
7. Geldsake in die huwelik 47
8. Die rol van man en vrou in die huwelik 51
9. Konflik in die huwelik 55
10. Die huwelik en kinders 59
11. Werk aan jou huwelik 62

Voorwoord

Hierdie boek kan dien as 'n beknopte kursus vir huweliksvoorbereiding en -verryking. As 'n kursus vir voornemende egpare aangebied word, word aanbeveel dat afdeling A en B van die inhoud met hulle behandel moet word. Vir die doel van 'n huweliksverrykingskursus vir egpare, is afdeling B relevant.

Aan die einde van elke hoofstuk word 'n aantal vrae vir bespreking gegee. Vrae wat, vanweë die persoonlike aard daarvan, nie vir groepbespreking geskik is nie, word so aangedui. Indien sulke vrae deur 'n egpaar apart bespreek word, sonder dat terugvoer na die grootgroep verlang word, sal verleentheid voorkom word.

Ek wil duidelik beklemtoon dat hierdie werkie nie as 'n wetenskaplike handleiding geskryf is nie. Dit maak ook hoegenaamd nie op volledigheid aanspraak nie. Dit is niks anders nie as 'n gemeentepredikant se poging om te help om huweliksongeluk en -veral te voorkom en om bestaande huwelike gelukkiger en vreugdevoller te maak.

Ten slotte wil ek my dank betuig teenoor mev JC Swanepoel van Bethal vir die tik van die manuskrip; mnr JS Bosman van die jeugkantoor vir sy aanmoediging; en my eggenote vir goeie raad.

Mag hierdie bundeltjie tot seën wees vir menige toekomstige en reeds voltrekte huwelike in ons kerk en in ons volk.

HJ Botes
Bethal

Afdeling A

1 DIE EFFEK VAN 'N GESONDE VOORHUWELIKSE VERHOUDING MET DIE TEENOORGESTELDE GESLAG

'n Gebalanseerde verhouding met die teenoorgestelde geslag in die jeugjare, het 'n heilsame uitwerking op sodanige betrokkenes.

1.1 Vriendskapsverhoudings

Die meeste jongmense het voor hulle huwelik gewoonlik 'n vriendskapsverhouding met die teenoorgestelde geslag. Met 'n vriendskapsverhouding word verwys na 'n spontane verhouding wat 'n mens kan beskryf as twee mense van die teenoorgestelde geslag wat bloot met mekaar maats is, sonder die bedoeling van 'n vaste verhouding. Sodanige verhoudings speel 'n groot rol in elke mens se lewe. Ondersoek het aan die lig gebring dat (in die algemeen) hoe meer vriendskapsverhoudings jongmense voor die huwelik gehad het, des te beter hulle egtelike aanvulling sal slaag. Vriendskapsverhoudings en maatskaplike verkeer met ander, het vir elke paar voor en na die huweliksbevestiging 'n verrykende en lewensverruimende betekenis. Deur vriendskapsverhoudings met die teenoorgestelde geslag aan te knoop, leer 'n mens die ander geslag ken. Jy leer hoe om met seuns of meisies te kommunikeer, hoe om hulle te verstaan en te waardeer. Dit as sodanig verbreed jou mensekennis en bied die geleentheid om vaardighede te ontwikkel om met die teenoorgestelde geslag sosiaal te verkeer.

1.2 Flirtasie

Flirtasie tussen mense van die teenoorgestelde geslag vind dikwels plaas sonder dat daar van verliefdheid sprake is, of sonder dat daar 'n besondere toegeneentheid tussen hulle bestaan. Met ander woorde, flirtasie is 'n vorm van sosiale verkeer tussen jongmense van die teenoorgestelde geslag, bloot ter wille van die sinlike opwinding daaraan verbonde.

Dit het in ons samelewing al in 'n hoë mate 'n aanvaarde gedragslyn geword dat die flirtasie wat die jongmeisie toelaat, as't

ware die teenprestasie is wat sy lewer in ruil daarvoor dat die jongman haar na vermaaklikheidsplekke uitneem. Meisies laat die flirtasie dan met verskillende jongmans toe. Dit beteken dat twee jongmense van die teenoorgestelde geslag, wat geen werklike ernstige bedoelings met mekaar het nie, mekaar liefkoos en selfs seksueel verkeer.

'n Meisie word dikwels onder die indruk gebring dat as sy nie elke man met wie sy uitgaan sou toelaat tot liefkosings en dies meer nie, sy nie populêr sal wees nie. Dit bring mee dat die vriendskapsverhouding tussen die geslagte al hoe meer 'n sinlike betrekking is. Dit is natuurlik 'n opvatting wat homself op die beoefenaars daarvan wreek, veral in die huwelikslewe. Maar later meer hieroor.

1.3 Die hofmaakperiode

Dit is die periode waartydens twee persone van beide geslagte 'n vaste verhouding met mekaar aangaan. Dit beteken dat 'n man en meisie met mekaar uitgaan.

DIE FUNKSIE VAN HOFMAKERY

Tydens die hofmaakperiode leer twee geslagte om mekaar te verstaan. As jongmense hofmakery benut om tot selfkennis en insig van mekaar te kom, bied dit 'n betekenisvolle vormingsgeleentheid vir die eiepersoon wat 'n leeftyd lank duur. Hy/sy wat nie die tyd van hofmakery benut het om iets van die wese van man of vrou as mens te leer ken nie, is 'n minder gelukkige persoon.

Die hofmaakperiode gee geleentheid om te besluit of jy by 'n persoon aanpas, met die oog op 'n huwelik. 'n Gelukkige huwelik wat bepalend is vir lewensgeluk in die algemeen, begin al reeds met die jeugverhouding van 'n man en 'n meisie. Dit is die tydperk wat die keuse van 'n huweliksmaat beïnvloed. Gedurende hofmakery leer twee mense mekaar waarlik ken. Dit is die periode wat 'n aanduiding kan wees of die verhouding 'n vrugbare huweliksverbintenis sal wees of nie sal wees nie. Aanpasbaarheid as onderlinge aanvaarbaarheid, is die onderbou van 'n voorspoedige huwelik. Gedurende die hofmaakperiode moet 'n man en meisie daarop let of hulle verhouding aanvullend of afbrekend ten opsigte van mekaar is. Indien hulle vind dat hulle verhouding aftakelend op mekaar inwerk, moet hulle nie huiwer om dit te verbreek nie.

2. POSITIEWE ASPEKTE WAT KAN BYDRA TOT 'N GESONDE VOORHUWELIKSE LIEFDESVERHOUDING

Ter wille van 'n gesonde liefdesverhouding word die volgende aspekte genoem:

2.1 Moenie toelaat dat die verhouding tussen julle twee te ernstig raak nie

Daar is niks verkeerd met 'n eerlike en spontane verhouding tussen 'n man en 'n meisie nie. 'n Mens moet egter onthou dat jou verhouding met jou kêrel of meisie nie die allerbelangrikste en enigste faset van jou lewe is nie. Jy is nog jonk en jy moet toelaat dat jy in vele opsigte gevorm word en verder ontwikkel – dit is van ontsettende belang vir jou latere lewe. As jou verhouding met jou vriend/vriendin die een en al van jou lewe is, sal jou studies noodwendig skade ly. 'n Mens is net eenmaal jonk; dit is 'n besondere tydperk waarin jy dinge kan beleef wat jou in later jare nie beskore mag wees nie. 'n Jongman/meisie wat sy of haar jeugjare nèt met ernstige verhoudings gevul het, kan dalk, as hy of sy tot sy of haar verstand gekom het, ontdek dat dit 'n leë, eensydige tydperk was. Daar word dus gepleit dat jongmense nie net hulle kêrel of hulle nooi in gedagte sal hou nie. So baie verliefde paartjies sonder hulle af van ander en het net oë vir mekaar, terwyl hulle ander fasette van hulle jongmenslewe verwaarloos.

2.2 Hou jou oë oop!!

Hierdie hofie kan 'n mens net sowel vervang met die opskrif: "Moenie jou laat misbruik nie"! 'n Mens kry dikwels met die verskynsel te doene dat 'n seun of meisie 'n verhouding aanknoop om blote selfsugtigheidsredes. 'n Verhouding met iemand is soms vir sekere persone 'n middel tot 'n doel, wat dit ook al mag wees. Dit is dus belangrik dat jy *jouself sal probeer ken*, sal weet wat jou deugde sowel as jou swakhede is, sodat jy teen uitbuiting sal kan waak. Terselfdertyd is dit noodsaaklik om *kennis van jou vriend/vriendin te hê*. Dit moet as feit aanvaar word dat geen mens homself of iemand anders ten volle kan ken nie. Nietemin is kennis van die ander een van

waarde om jouself en die ander een teen 'n verhouding te beskerm, wat vir albei 'n ongelukkige ervaring kan word. In dié verband is dit miskien goed om vir jouself in alle nugterheid die vraag te vra: "Hou die verhouding enige moontlikheid en betekenis in?"

2.3 Moenie jou verhouding net op gevoel bou nie!

Baie jongmense se verhoudings berus op 'n blote gevoel van verliefdheid, wat dikwels net die seksuele bevrediging van die paar ten doel het. So 'n hartstogtelike liggaamlike verhouding, wat net op die driftelewe van die mens gebou is, kan rampspoedige gevolge inhou – 'n ongewenste swangerskap, 'n moettroue, 'n huwelik wat tot mislukking gedoem is. Moet daarom nie u verhouding net op emosie bou nie. Leer mekaar as persone ken, in 'n méér lewensomvattende betrekking as om mekaar net liggaamlik te ken. Ons moet mekaar nie net as liggame sien nie, maar as mense met geestelike en psigiese behoeftes; en 'n verskeidenheid van eienskappe met verskillende talente en belangstellings. As ons ons liefdesverhouding so ervaar, word dit ook 'n verbintenis wat 'n persoonlike opvoedingsbetekenis het.

2.4 Hou jou verhouding vry van seksuele omgang (geen proefhuwelik moet dus aangegaan word nie)

In aansluiting by die voorafgaande, naamlik om jou verhouding nie net op gevoel te bou nie, moet gewys word op die nadele van 'n intieme geslagtelike voorhuwelikse verhouding.

Daar is baie min intelligente redenasies wat ten gunste van voorhuwelikse geslagsomgang aangevoer kan word. Daarom, wie sodanige intimiteit in sy hofmakery kan voorkóm, baat op die ou einde oneindig baie daarby.

Voorhuwelikse geslagsomgang het die volgende nadele vir die persone wat dit bedryf:

Voorhuwelikse geslagsomgang het dikwels nadelige psigologiese effekte wat 'n leeftyd se letsels kan nalaat. Vanuit 'n eties-morele gesigspunt, kan voorhuwelikse seks 'n lewe lank 'n somber skadu oor die beoefenaars daarvan werp.

Ongewenste swangerskap en 'n oorhaastige gedwonge huwelik is dikwels die resultaat van voorhuwelikse omgang.

Persone wat voorhuwelikse seks beoefen, trou nie noodwendig met mekaar nie. Sou hulle met ander persone trou, kan die sondes van die jeug hulle huwelik verongeluk.

Voorhuwelikse seks, al is dit net met 'n vaste kêrel of nooi, veroorsaak altyd by die beoefenaars daarvan 'n gevoel van agterdog, wat later jou hele lewe vergiftig.

Voorhuwelikse seks veroorsaak dikwels dat jy jou selfrespek en eiewaarde inboet.

Wetenskaplike navorsing het aangedui dat daar 'n groter geluksfaktor in 'n huwelik tussen persone is, wat nie voorhuwelikse geslagsomgang gehad het nie.

2.5 Hou jou verhouding skoon, ooreenkomstig die Woord van God

Wie sy hofmakery in sy jeugjare ooreenkomstig die Woord van God beoefen, wat sterk uitspraak lewer téén hoerery en verstandeloosheid en ongebondenheid, kan net daarby baat vind! Om 'n positiewe verhouding in stand te hou, moet 'n gelowige jongmens voortdurend vir homself/haarself die vraag afvra: "Is my verhouding 'n medemenslike verhouding, wat voldoen aan die *Bybelse eise van eerbaarheid, geregtigheid en heiligheid*, om maar enkeles te noem! Wat kan 'n verhouding meer positief bevorder as om saam kerk toe en jeugvereniging toe te gaan, en saam die waarhede van God se Woord te oordink en in ons saamwees uit te leef?

3. DIE ROL VAN 'N MENS SE OUERS IN JOU VERHOUDING MET DIE TEENOORGESTELDE GESLAG

Dit is die *plig* en *reg* van ouers om alles te doen wat na hulle oordeel die geluk en welsyn van hulle kinders sal bevorder. In dié verband kan dan gestel word dat ouers nie anders kan nie as om ook 'n wakende oog oor hulle kinders se vriendskapsverhoudings te hou, en om in dié opsig raad en leiding te gee.

Jongmense berus moeilik hierin; baie raak selfs rebels as ouers hulle kinders raad gee in verband met hulle vriende. Daarom is dit goed dat jongmense in dié verband die volgende voor oë sal hou:

- Jou ouers het baie meer lewenservaring as jy, buitendien het hulle ervaring ten opsigte van die huwelikslewe. Kragtens al die erva-

ring is hulle in staat om jou raad te gee in verband met jou verhoudingslewe, en om jou ook te waarsku teen verkeerde vriende.
- Jou ouers, of jy dit wil weet of nie, bedoel dit goed met jou en beoog vir jou die beste in die lewe. In die lig hiervan wil hulle jou raad gee ten opsigte van jou vriende.
- Jy moet aan jou ouers gehoorsaam wees; volgens die vyfde gebod. Volgens dié gebod het jou ouers die reg om jou welsyn te bevorder.

Dit is van groot belang dat daar tussen ouers en kinders van jongs af 'n vertrouensverhouding moet bestaan. Kinders sal dan uit hulle eie hulle ouers in hulle vertroue neem aangaande vriende en vriendinne, terwyl dit vir die ouers dan ook nie moeilik sal wees om, waar nodig, raad en leiding te gee nie.

VRAE VIR BESPREKING

1. Wat is die waarde van 'n gesonde liefdesverhouding vir diegene wat daarby betrokke is? (Noem ten minste drie sake).

.....

.....

.....

2. Noem ten minste vyf aspekte wat bevorderlik is vir 'n gesonde liefdesverhouding en sê hoekom dit so is.

(i) .....

(ii) .....

(iii) .....

(iv) .....

(v) .....

3. Is dit belangrik dat 'n jongmens in sy liefdeslewe gehoorsaam is aan die Bybel? (Motiveer jou antwoord).

.....

.....

4. Is dit van waarde om na jou ouers te luister in jou keuse van 'n maat? Sê hoekom jy so antwoord.

.....

2 VERLIEFDHEID OF LIEFDE

Heelwat huwelike word dikwels op grond van die verliefdheidsgevoelens van twee persone gesluit.

Cronje beskryf *verliefdheid* mooi as hy sê dat dit "as't ware 'n toestand van begoëling" is. 'n Verliefde paar probeer in die reël om in die staat van verliefdheid hulle so goed as moontlik voor te doen. Die verliefde sien gewoonlik in die beminde alleen dít wat hom of haar bedwelmend bekoor. Vanweë blinde verliefdheid, is die waarnemingsvermoë en helderheid van oordeel dikwels so verswak, dat die verliefde niks anders kan waarneem as net die voortreflikhede van die teenoorgestelde geslag nie.

Verliefdheid is niks anders as 'n verbygaande emosie nie, 'n tydelike opwelling van die gevoel wat later weer bedaar. As sodanig berus verliefdheid hoofsaaklik op uiterlike liggaamlike aantreklikheid, wat die een vir die ander het. Die een is dus vir die ander begeerlik, omrede die een of ander uiterlike hoedanigheid. Omdat dit by verliefdheid hoofsaaklik om die persoonlike begeerte gaan, is verliefdheid derhalwe eensydig. "Dit wil eerder neem as wat dit wil gee. Daarom is verliefdheid in 'n hoë mate egoïsties en gevolglik labiel en onderhewig aan wisselinge". 'n Mens kan ook sê dat verliefdheid dikwels niks anders is as 'n sterk erotiese gevoel wat ervaar word nie.

Vanweë die verbygaande aard van verliefdheid, is dit nie in staat om 'n duursame huwelikskeuse te bewerkstellig nie. *Die huwelik is die lewensgemeenskap van twee persoonlikhede*, daarom moet die huwelikskeuse van die hele persoonlikheid uitgaan. 'n Huwelikskeuse behoort daarom as't ware 'n persoonlikheidskeuse te wees.

Met *egte liefde* is die situasie heeltemal anders. "Dit is meer as oppervlakkige verliefdheid en berus op meer as uiterlike aantreklikheid. Die liefde gaan nie bloot van die gevoelselement in die mens uit nie, maar spruit uit die persoonlikheid as geheel. Dit is nie enkel en alleen op die uiterlike van die ander persoon gerig nie, maar op sy/haar 'geheelheid'; dit wil sê, op sy/haar persoonlikheidshoedanighede as totaliteit".

Bybels gesproke is liefde die grootste van alle gawes. Die Bybel (1 Kor 13) noem ook die uitmuntende kwaliteite van die egte liefde. Hiervolgens is liefde: "geduldig, vriendelik, nie afgunstig, grootpraterig en verwaand nie. Dit handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, is nie liggeraak nie, hou nie boek van die kwaad nie ... dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles". 'n Mens kan sê dat die ware liefde 'n selflose karakter openbaar. Hy/sy wat die ander een van harte liefhet, kan met 'n opofferende verdraagsame gesindheid sy/haar geliefde bystaan en bemoedig.

In 'n staat van verliefdheid sien die een die ander se swakhede nie raak nie. Die liefde aanvaar tekortkominge en is selfs bereid om met geduld sy/haar maat te help om swakhede te oorkom. Vir die goeie deugde van die ander, het die liefde groot waardering en help om dit nog verder te ontplooi. Dus is die liefde nugter en besonne. "Die verliefdheid verblind; die liefde aanvaar: die verliefdheid begeer; die liefde waardeer. Die verliefdheid wil veral neem; die liefde wil by uitnemendheid gee."

Dit moet gestel word dat dit oneindig *moeilik is om die begrip liefde saaklik te omskrywe*. In dieselfde asem kan 'n mens ook sê dat daar nie 'n geweldige kloof tussen liefde en verliefdheid bestaan nie. Verliefdheid is dikwels die voorspel tot liefde. Laasgenoemde is egter 'n verbreding en verdieping van eersgenoemde. Dit gebeur egter baie dikwels dat verliefdheid nie tot liefde groei nie, en gevolglik ophou bestaan.

Aan die ander kant moet dit gestel word dat die ware liefde tussen 'n man en 'n vrou nooit van verliefdheid ontdaan kan wees nie. "Dit is die verliefdheidselement wat die egtelike huweliksliefde altyd jonk laat bly, ook al gaan die egliefde die ouderdom tegemoet. Blote verliefdheid kan egter geen stewige en hegte fondament vir die huweliksgebou uitmaak nie".

Met die oog op 'n moontlike huwelik, is dit baie belangrik dat voornemende egpare hulle gevoelens deeglik moet ondersoek, en hulleself in alle eerlikheid die vraag moet afvra: *"Het ek lief, of is ek verlief?"*

VRAE VIR BESPREKING

1. Beskryf verliefdheid.

.....

.....

.....

2. Hoekom kan blote verliefdheid nie 'n stewige fondament vir 'n gelukkige huwelik wees nie?

.....

.....

.....

3. Noem vyf kenmerke van ware liefde.

.....

.....

.....

4. Hoe kan 'n mens bepaal of jy verlief is, of liefhet?

.....

.....

.....

3 SELFKENNIS EN KENNIS VAN DIE ANDER PERSOON IS 'N BELANGRIKE ASPEK VAN HUWELIKSVOORBEREIDING

Kennis van jouself is onontbeerlik om vir jou 'n antwoord te gee op die vraag of jy volgens die eise wat die huwelik aan 'n mens stel, kan leef. Dit is egter net so belangrik om die *ander persoon* ook te ken, om te kan weet of jy 'n leeftyd met hom/haar sal kan saamleef.

Selfkennis: Selfkennis is uiteraard altyd beperk – geen mens kan homself werklik ken en deurgrond nie. Nou is dit ook eenmaal so dat 'n jongmens, wat die belangrike huwelikskeuse moet doen, in die reël nog nie oor 'n groot mate van selfkennis beskik nie. Dit is iets wat gewoonlik met die loop van die jare toeneem en verdiep, namate die mens die vermoë ontwikkel om onbevange teenoor homself te staan en homself as't ware "objektief" te beoordeel.

Op 'n jeugdige ouderdom is 'n mens nog nie heeltemal bewus van al die karaktertrekke wat in jou skuil, en eers op 'n latere leeftyd tot ontplooiing kom nie. Daarby is die jeugdige ook nie bewus van al die motiewe en dryfvere wat in hom werksaam is en tot bepaalde oorwegings dring nie.

Tog moet die jongmens wat hom/haar vir 'n huwelik voorberei, poog om sover as moontlik kennis van die eie deugde, swakhede, moontlikhede en tekortkominge te hê. In die strewe tot selfkennis met die oog op die huwelik, moet 'n mens probeer om eerlik met jouself te wees. Dit gaan nie betaal om jouself om die bos te lei nie, want in die intieme huwelikslewe sal 'n valse front wat voorgehou is, met pynlike nagevolge ontmasker word.

Die beste manier om jouself te leer ken, is om daardie invloede wat jou persoonlikheid gevorm het, te verstaan. As mens is jy grootgemaak. Met jou aankoms in hierdie wêreld, was daar alreeds mense en dinge wat vormend op jou ingewerk het. Van die vernaamste faktore word kortliks genoem.

– **Jou gesinsagtergrond** het die vernaamste invloed op jou karaktervorming en lewensopvatting. In dié verband het 'n mens se ouers 'n geweldige rol gespeel. Die meeste van jou gedragspatrone het jy bewustelik of onbewustelik by jou ouers oorgeneem, of het as 'n protesmiddel teen hulle ontstaan.

Om jouself te ken, moet 'n mens jouself afvra: Is jy gelukkig met jou opvoeding? Sou jy jou ouers se huwelikspatroon wou navolg? Sou jy jou huishouding soos jou ouers s'n wou inklee? Watter aspekte van jou jeugjare in familieverband sou jy in jou toekomstige huwelikslewe wou verander?

Veral met die uitoefening van 'n keuse vir 'n huweliksmaat, moet jy jouself afvra: Hoe verskil my en my maat se gesinsagtergrond van mekaar? Is die verskille sodanig dat dit wrywing in julle huwelik kan veroorsaak?

- **Jou sosialisering.** 'n Mens se omgang met, en aanvaarding deur mense, en dus ook die wyse waarop jy met jou huweliksmaat sal verkeer, is grootliks deur jou ouers en gesinslede vasgelê. Hoe selfversekerd of onbevoegd 'n mens in jou omgang met andere voel, is alreeds deur jou gesinslede bepaal. Dit is belangrik dat 'n mens vir jouself rekenskap sal gee van jou wyse van sosiale verkeer en hoe hierdie sosiale omgang deur jou gesinslede beïnvloed is. In dié verband moet jy jouself afvra of jy in staat sal wees om 'n intieme en onafgebroke verhouding met jou maat te kan handhaaf, gesien in die lig van sy/haar sosiale agtergrond en optrede.

- **Jou intellektuele ontwikkeling.** Die hoeveelheid formele opleiding wat 'n mens gehad het, bepaal in 'n groot mate met watter soort mens, en waaroor, jy graag wil praat. Iemand wat baie minder as jy weet, sal jou verveel. So 'n persoon kan ook op die lange duur so minderwaardig voel, dat dit in 'n onverkwiklike aggressiewe houding kan oorslaan. Op grond van jou intellektuele vermoëns en belangstellings, sal jy bepaalde lewensverwagtinge koester. Nou het jy die verantwoordelikheid om vas te stel of jou maat dieselfde intellektuele vermoë en agtergrond het.
- **Jou loopbaan.** Het jy 'n bepaalde beroep waarop jy trots is, en wat jou bevredig? Hoe taakgerig is jy? Hoe voel jou maat oor arbeid? Hoe toegewyd is hy/sy in dit wat hy/sy doen? 'n Man wat maklik en dikwels van werk verander, is in die reël 'n onstabiele eggenoot. Aan die ander kant kan 'n persoon wat meedoënloos voortgedryf word deur onbevredigde ambisies, baie moeilik wees om mee saam te leef.
- **Jou vryetydsbesteding.** Wat doen jy die graagste as jy nie werk nie? Beoefen jy 'n bepaalde stokperdjie? Soek jy die buitelug op? Neem jy aan sport deel? Met ander woorde, wat is jou vryetydsbelangstelling? Nou is die belangrikste vraag met die oog op 'n huwelik: Is jy en jou maat se belangstellings versoenbaar?

KITAL

- **Jou seksuele ondervindings en liefdesverhoudings.** Jou benadering tot die huwelik kan baie sterk beïnvloed word deur onaangename herinnerings op hierdie gebied. As jy byvoorbeeld voorhuwelikse geslagsverkeer gehad het, kan dit 'n lewenslange gevoel van skuld en onsekerheid in jou gemoed veroorsaak.

  Net so was jou vriendskappe met die teenoorgestelde geslag van vormende betekenis vir die blywende verhouding van die huwelik. As jy vir jouself rekenskap kan gee van die invloed van liefdesverhoudings op jou persoon, is dit ook goed om jou maat se ervarings in die verband te deel, ten einde daaruit te leer of hy of sy oor die moontlikheid beskik om as 'n persoon in 'n blywende liefdevolle verhouding te funksioneer.
- **Liggaamlike en geestelike gesondheid.** Het jy liggaamlike gebreke? Is jy fisies 'n sieklike mens, of iemand wat maklik vir siektes vatbaar is? Het jy al enige senuwee-ineenstortings gehad, of psigiatriese of sielkundige behandeling ondergaan?

  Hoe reageer jy onder toestande van druk? Hoe hanteer jy krisisse en oorkom jy probleme? Raak jy maklik bevrees, wanhopig, neerslagtig en morbied? Deur die vrae te beantwoord, kan jy vir jouself rekenskap gee van jou fisiese en psigiese toestand.

  Nou moet jy vir jouself krities die vraag afvra oor wat die algemene gesondheidstoestand van jou maat is. Sal jy met sy/haar gebrek kan saamleef? Sal jy 'n leeftyd lank die een of ander persoonlikheidsafwyking kan verduur?
- **Jou geloofslewe.** Is die Bybel vir jou die hoogste norm vir jou geloof en lewe? Hoe antwoord jy met jou lewe op die Woord van God, wat die getuienis aangaande sy selfopenbaring is. Wat is die verhouding tussen jou en God? Verwag jy in die geloof alles van Hom? Wat beteken jou kerk vir jou, en die meelewing met jou kerk?

  As jy hieroor besin het, moet jy indringend kyk na jou maat se geloofslewe en kerklike betrokkenheid.

Opsomming

Uit die voorafgaande is riglyne vir jou aangebied om jouself beter te leer ken, asook die persoon op wie die keuse vir 'n huwelik gerig is. Dit moet as 'n feit aanvaar word dat geen persoon iemand anders geheel en al kan ken en deurgrond nie – ook nie in die huwelikslewe

nie. Nietemin is 'n *redelike mate van kennis* van die ander persoon gebiedend noodsaaklik alvorens tot 'n keuse oorgegaan word. Daartoe is nodig dat *kennis van mekaar* opgedoen sal word. Hierdie kennis kan egter nie binne 'n kort tydsbestek ingewin word nie. Hierdie is kennis wat moet groei en ontwikkel oor 'n tydperk van waarneming en meelewing.

VRAE VIR BESPREKING

1. Noem die dinge op ten opsigte van julle agtergrond en persoonlikheid wat julle uitmekaar dryf.

   .....

   .....

   .....

2. Ken jy jou maat goed genoeg om met hom/haar in die huwelik te tree?

   .....

   .....

   .....

3. Noem vyf dinge (in volgorde van belangrikheid) op wat jou gemaak het wat jy is.

   .....

   .....

   .....

4. Het jy en jou maat mekaar genoegsame tyd gegun om mekaar behoorlik te leer ken?

   .....

   .....

   .....

4 BELANGRIKE FAKTORE BY DIE KEUSE VAN 'N HUWELIKSMAAT

Deur *jouself en jou maat te ken*, kan in 'n groot mate van deurslaggewende belang wees by die uitoefening van die huwelikskeuse. As jy boonop kan bepaal of jy *liefhet of net bloot verlief* is, het jy al duidelike riglyne by die keuse van 'n huweliksmaat. Daar is egter ook ander dinge van uiterste belang, wat in aanmerking geneem moet word, wanneer jy aan trou dink. Die volgende faktore word kortliks genoem:

4.1 Kerklike agtergrond

'n Gelowige egpaar is uit die aard van die saak lidmate van die kerk van Jesus Christus. Hierdie kerk van Christus het baie sigbare verskyningsvorme. Elk van hierdie verskyningsvorme het 'n eie verstaan van die Bybel en karakter, en as sodanig bied elk 'n unieke geestelike tuiste vir sy lidmate. Dit bring onvermydelik mee dat elke kerkverband ook 'n bepaalde invloed op sy lidmate uitoefen. Indien twee persone trou, wat aan kerke behoort wat grootliks verskil ten opsigte van leer en gebruike, kan dit tot ernstige huweliksonenigheid lei. Dit word sterk aanbeveel om met iemand te trou wat min of meer dieselfde kerklike agtergrond as jy het.

4.2 Kultuur-agtergrond

Dit is altyd wenslik om met iemand te trou wat dieselfde kulturele agtergrond het as jy. Dit mag dalk romanties klink om te trou met iemand van 'n ander kultuur en agtergrond. Verskille op taalgebied, ten opsigte van sedes, gebruike en lewensopvattings, kan egter op die lange duur in die huwelik baie probleme veroorsaak.

4.3 Aangetrokkenheid

In die hoofstuk oor "verliefdheid en liefde" is gestel dat by die keuse

van 'n huweliksmaat, gewaak moet word teen 'n oorweldigende erotiese gevoel, wat die sinne vir 'n tyd lank kan verdoof. Tog moet gekonstateer word dat 'n mens aangetrokke moet voel teenoor die persoon wat jy as huweliksmaat kies. Jy moet jou maat fisies aanvaar, hy/sy moet vir jou aantreklik wees. As daar dinge in sy/haar voorkoms is wat jou hinder, kan dit met die verloop van die huwelikslewe 'n ernstige struikelblok vir huweliksgeluk word. Dieselfde geld ook vir jou maat se uiterlike optredes, maniere, geaardheid en dies meer. Met ander woorde, sy/haar hele persoon moet jou nadertrek en dit vir jou aangenaam maak om by hom/haar te wees.

4.4 Waardes

Elke mens is 'n kiesende en keurende wese. Elke oomblik van 'n mens se bestaan maak 'n mens keuses. Sommige keuses wat jy uitoefen, is veel belangriker as ander, veral keuses op die gebied van die godsdienstige en sedelike lewe. Hoe dit ook al sy, 'n mens kies altyd die een saak bo 'n ander, omdat dit waarvoor jy kies vir jou meer waarde het as dít wat jy nalaat. Hierdie waardes en hoe 'n mens hulle rangskik, kan 'n mens se waardestelsel, of rangorde van waardes genoem word. Daar is natuurlik baie faktore wat mense se sin vir waardes beïnvloed. Daaroor word nie nou uitgewei nie. Die belangrikste egter, met die oog op 'n huwelik, is die vraag: wat beteken my waardes vir my? Wat is die dinge wat vir my maat hoogs waardevol is? En sal ons ons wedersyds met mekaar se waardes kan vereenselwig?

4.5 Getrouheid

Getrouheid is die sluitsteen vir 'n gelukkige huwelik. Voor die huweliksluiting, moet noukeurig op die eienskap gelet word – veral in die verlowingstydperk. As jou maat nie getrou kan wees in julle voorhuwelikse verhouding nie, sal hy/sy waarskynlik ook nie getrou kan wees as julle eers getroud is nie.

4.6 Jaloesie

Gesonde jaloesie is regverdigbaar. Die patologies-jaloerse minnaar/minnares, kan in die huwelik die lewe vir sy/har eggenote of eggenoot onuitstaanbaar maak.

4.7 Verslawing

Is jou maat afhanklik van dwelms of drank? Wees gewaarsku! As hy/sy simptome van verslawing toon, of byvoorbeeld tot drankmisbruik geneig is, is dit die voortekens van namelose smart wat op jou wag.

4.8 Die huwelik is 'n instelling van God

Hieroor is reeds gehandel. Tog is dit belangrik om dit weer te stel. In die keuse van 'n huweliksmaat moet jy jou ook afvra of so 'n huwelik tot eer van God sal dien.

Mense vra dikwels die vraag: Is elke huwelik die wil van God? Hierop kan 'n mens antwoord: beslis nie. Twee mense wat in die ware God glo en Hom in waarheid dien; wat glo dat die huwelik sy instelling is, en wat sy leiding en genade vra in die belangrike besluitneming van 'n lewensmaat, kan glo dat hulle vir mekaar bestem is. As sondaarmense is ons egter geneig om eiewillig te kies, teen ons beterwete te besluit om te trou; ons doof en blind te hou vir die gevaartekens wat ons by mekaar bespeur.

In die lig van wat gesê is, is dit derhalwe van die allergrootste belang dat die faktore wat vir die keuse van 'n huwelik geld, deur verantwoordelike gelowiges in aanmerking geneem sal word, ten einde daaruit af te lei of die huwelik die goedkeuring van God wegdra. Dit beteken dat 'n huwelik tot stand kom op grond van 'n mens se gevoel en verstandsoordeel, maar bowe-al in afhanklike gelowige en biddende opsien tot God, terwyl daar ten volle gebruik gemaak word van alle kennis wat oor die aangeleentheid bestaan.

Tog is dit moontlik dat 'n huwelik, wat verantwoordelik benader is en waaroor so gebid is, kan misluk. Dit is so omdat mense wat met mekaar trou, sondaars is. Om dié rede is geen huwelik van die aanslae van die duiwel gevrywaar nie. Juis daarom moet egpare hulle huwelik oppas en voortdurend die geloofsoog op die Here gevestig hou...

VRAE VIR BESPREKING

1. Kan 'n huwelik slaag tussen twee mense wat radikaal oor beginselsake verskil?

.....

.....

.....

2. Kan godsdienstige verskille in 'n huwelik oorbrug word?

.....

.....

.....

3. Kan 'n meisie 'n man wat 'n alkoholis is, rehabiliteer as sy eers met hom getroud is?

.....

.....

.....

4. Is jy daarvan oortuig dat jou maat 'n getroue huweliksmaat sal wees?

.....

.....

.....

5. Is jy daarvan oortuig dat jou keuse van 'n huweliksmaat 'n verantwoordelike keuse is?

.....

.....

.....

5 DIE VERLOWING

5.1 Wat is die betekenis en doel van die verlowing?

In die algemeen kan gestel word dat die verlowing die *inleiding* tot en *voorbereiding* vir die huwelik is. As sodanig is dit een van die mooiste tydperke in 'n jongmens se lewe, omdat iemand anders kans sien om sy/haar lewe met jou te deel en dit aan jou te kenne gegee het deur hom/haar aan jou te verloof.

Die verlowing moet altyd as inleiding tot die huwelik gesien word, en word nog nie as die huwelik self beskou nie. Wanneer verloofdes hierdie aspek van die verlowing, as voorspel tot die huwelik ignoreer, en inderdaad die terrein van die huwelikslewe betree, byvoorbeeld deur geslagsgemeenskap met mekaar te hê, dan skend hulle die karakter van die verlowing.

Die verlowing as voorbereiding vir die huwelik, gee aan die verloofdes geleentheid om vir hulleself rekenskap te gee van die vraag of hulle werklik besef wat die huwelik alles meebring, en watter eise aan hulle gestel word. "Die voorbereiding wat hier bedoel word, moet dus veral van geestelike aard wees". Dit is so, omdat die verlowing 'n voorlopige liefdesgemeenskap en nog nie 'n volle egtelike lewensgemeenskap is nie.

Gedurende die verlowingstydperk leef twee mense nou veel nader aan mekaar as tevore. Dit is twee mense wat aan mekaar trou beloof het, wat deur hulle verlowing erken dat geen ander man of vrou in die hele wêreld vir hulle meer beteken as die verloofde nie. Maar ten spyte van hierdie nou verbintenis, eerbiedig hulle die grense wat die verlowing stel; in die besonder die grense op seksuele gebied. In die lig van dit alles is dit *verstandig om nie die verlowingstydperk te lank uit te rek nie*.

5.2 Die waarde van die verlowingstydperk

Gedurende die verlowing moet die paartjie probeer om in opregtheid na *mekaar te kyk soos hulle werklik is*. Gedurende dié tyd moet

hulle nie blind wees vir mekaar se swakhede nie, maar juis met mekaar daaroor praat en mekaar op die wyse slyp en vorm. En as die een nie kans sien om die ander te aanvaar soos hy/sy werklik is nie, moet betyds van die voorgenome huwelik afgesien word. "'n Mens word in die huwelik nie 'n geheel ander persoon as wat hy/sy voor die huwelik was nie. Die een moet liewers geen illusies oor die ander hê nie. Dit moet weer nie beteken dat in die egverbintenis die man en vrou mekaar nie kan help om hulle swakhede, gebreke en tekortkominge in 'n mate te verhelp en teen te gaan nie. Wat egter wel van belang geag moet word, is dat dit gevaarlik is om met 'n gevoel van twyfel of onsekerheid oor die toekomstige lewensmaat die huwelik binne te gaan."

- Die verlowing moet ook die tydperk wees waarin julle mekaar se *ouerhuise so dikwels moontlik moet besoek.*
  Sodoende leer julle mekaar se huislike agtergrond ken en gee julle aan julle ouers die geleentheid om julle van naderby te leer ken. Gedurende die verlowing kan die ouerpare waardevolle raad en voorligting aan die voornemende egpaar bied.
- Gedurende die verlowing moet die *jongman* vir homself rekenskap gee of hy sy taak as man en broodwinner sal kan nakom. Geld is nie alles nie, maar sonder geld om in die lewensbehoeftes van die huishouding te voorsien, kan die huweliksgeluk daaronder ly.
  Terselfdertyd moet die *verloofde meisie* vir haarself helderheid kry of sy bevoeg is om 'n huishouding te hanteer. Die verlowingstyd is die aangewese tyd om haarself in die verband te oriënteer en voor te berei. Die leiding van 'n liefdevolle, verstandige moeder kan van groot waarde wees.
- Die verlowingstyd is ook 'n besondere opwindende tyd, omdat die paartjie aktief begin *huis opsit*. Dit is met ander woorde nou die tyd om te beplan waar julle gaan bly. Allereers moet die verloofde paar uitwerk wat hulle aanvanklik kan bekostig en wat hulle behoeftes is. Dit is verstandig om realisties te wees en konserwatief te begin. Later, wanneer julle in 'n finansiële en bedingingsposisie is om 'n luukser woonplek te kan bekostig, sal julle dankbaar wees omdat julle verstandig en met oorleg begin het. Die werklike uitdaging van die inrigting van 'n woonplek is geleë in die vermoë om jou huis of woonstel in 'n gesellige en smaakvolle tuiste te verander.
- Gedurende die verlowing moet die geliefdes toesien dat hulle al die *inligting oor geslagsake* besit, wat met die oog op die huwelikslewe onontbeerlik is.

Dit moet net weer beklemtoon word dat volgens Christelike opvatting die verlowing geensins die tyd vir die beoefening van seks is nie. Eers met die huweliksluiting word man en vrou tot 'n onverbreeklike eenheid saamgevoeg.

Gedurende die verlowing is die paar alreeds 'n geestelike eenheid, wat as't ware sielsgemeenskap met mekaar het, maar nog nie liggaamsgemeenskap nie. As sodanig kan hulle as geesgenote openlik met mekaar praat oor die belangrike aspek van seks in die huwelik.

In die eerste plek moet hulle inligting bekom oor die anatomie en fisiologie van die eie liggaam, sowel as dié van die teenoorgestelde geslag. Hierdie kennis kan opgedoen word deur 'n gesaghebbende boek oor die onderwerp te lees, byvoorbeeld: *Die volkome huwelik* van Van de Velde. Die man en meisie moet iets van mekaar se seksualiteit begryp. Die vrou moet byvoorbeeld weet dat seks 'n besondere rol in die lewe van die man speel. Dit sal die vrou later in haar huwelik oneindig help om te weet dat die seksdrang in die lewe van die normale man gedurig – vanaf puberteit tot sy oudag – gevoed moet word.

Die man op sy beurt moet weet dat sy interpersoonlike verhouding met sy vrou bepalend is vir geslaagde seksuele omgang met haar. Met ander woorde, die man moet weet dat die vrou die seksdaad meer emosioneel as die man beleef.

- Die verlowingstyd moet ook benut word om teoreties inligting te bekom oor die *verloop van seksuele verkeer*. Weer eens kan daarop gewys word dat daar talle publikasies op die mark is wat die onderwerp breedvoerig, dog smaakvol behandel. In dié verband kan net enkele opmerkings gemaak word. Eerstens moet die man besef dat die voorbereiding (voorspel) tot die geslagsdaad baie belangrik is. Hy moet weet dat sy vrou seksueel opgewek moet word, tot op die punt waar sy seksueel responsief is. Dit vereis van die man geduld en liefdevolle bedagsaamheid. Baie mans is nie bewus van die feit dat vrouens gewoonlik stadige liefkosings verkies nie, vanweë die feit dat die man so maklik seksueel gestimuleer word.

  Man sowel as vrou moet weet dat die seksdaad in die huwelik nie iets is om oor skaam te wees nie, maar dat dit die bekroning is van 'n mooi, liefdevolle egtelike verbintenis.

  Egpare wat die seksdaad in hierdie lig sien, sal na afloop van die oomblik van eenwording mekaar met wedersydse waardering koester (naspel), tot die verdieping van die man-vrou-verhouding.

– Die verlowingstyd is ook die geleentheid om met mekaar oor die *verwekking van kinders* te gesels. Beplande ouerskap is verantwoordelike ouerskap. In dié verband moet hulle eenstemmigheid bereik oor hoe gou na die troue hulle met kinders wil begin, en hoeveel kinders hulle as die ideale getal beskou. Voornemende egpare moet altyd onthou dat ouerskap 'n mens se lewe verryk en die huweliksband verinnig. Deur kinders te hê, help hulle aan die opbou van 'n bestendige gemeenskap, tot voordeel van kerk en volk.

Beplande ouerskap beteken ook noodwendig dat die verloofdes met mekaar moet praat oor *voorbehoeding*. Kundige advies in die verband kan van 'n geneesheer verkry word.

Die heel belangrikste saak om tydens die verlowingstydperk oor te praat en uit te klaar, is die aspek van die egpaar se *geloofslewe*. Voornemende egpare moet weet dat 'n mens mekaar eers regtig kan liefhê as 'n mens God liefhet. Alleen deur God se genade, kan 'n mens se huwelikshuis staande bly. Liefde tot God, as voorwaarde vir die gelukkige huwelik, is geloof in Jesus Christus en 'n lewe van gehoorsaamheid aan God en sy Woord. "Liefde tot God is die bewaring van sy gebooie. Die liefde tot God vra dat man en vrou 'n besondere lewe sal gaan leef. 'n Lewe wat nie anders as die volgende kan en mag wees nie: Sondag na Sondag, erediens vir erediens opgaan na die huis van God! Dag vir dag sy Woord lees en ondersoek. Oomblik vir oomblik leef volgens die Woord wat Sondag gelewer is, en elke dag gelees en ondersoek is. Alleen in hierdie diepe afhanklikheid en gehoorsaamheid aan God, kan ons midde in die huwelik staande bly".

Voornemende egpare praat oor baie dinge, reël baie sake. Die belangrikste word dikwels nagelaat, naamlik om te praat oor die verhouding as egmaats teenoor God, kerk en Woord. Ten spyte van al jou mooi voornemens, kan 'n mens nie self jou huwelik laat slaag nie, omdat mense sondaars en derhalwe feilbaar is. Alleen diegene wat in nederige afhanklikheid deur Woord en Gees na God se leiding opsien, kan die heerlike moontlikhede wat die huwelik inhou, ontdek.

VRAE VIR BESPREKING

1. Watter plek gaan God, en die diens aan Hom, in julle huwelik inneem?

.....

.....

.....

2. Hoe dikwels beplan julle om saam die Bybel te lees?

.....

.....

.....

3. Hoe dikwels beplan julle om te bid?

.....

.....

.....

4. Hoe dikwels beplan julle om die eredienste by te woon?

.....

.....

.....

5. Hoe dikwels beplan julle om nagmaal te vier?

.....

.....

.....

6. Watter plek gaan die Bybelse voorskrifte in julle huwelikslewe inneem?

.....

.....

.....

7. Watter aspekte rakende die toekomstige huwelik, het julle nog nie uitgesorteer nie?

.....

.....

.....

6 DIE VERHOUDING MET OUERS EN SKOONOUERS

KITAL

Iemand het eenmaal gesê: "'n Mens bly jou lewe lank kind van ouers". En voeg nog daarby dat 'n mens nie jou ouers gekies het nie. Hulle is vir jou gekies. Dit is die mense wat jou verwag het, jou in die wêreld ontvang en grootgemaak het. Daarom het 'n mens uiteraard met hulle besondere bande, wat nie met die huweliksluiting opgehef kan word nie. Dit geld natuurlik ook vir jou aanstaande in sy/haar verhouding met sy/haar ouers.

Probleme met ouers of skoonouers of beide, kan dikwels 'n egpaar se huwelik baie spanningsvol maak. Die aard van probleme wat ouers vir jonggetroudes skep, wissel van familie tot familie en het dikwels 'n besondere oorsprong. Hierdie probleme wat deur ouers veroorsaak word, kan dikwels geweldig gekompliseerd wees, maar net so dikwels vir die buitestaander as absurd voorkom.

Voornemende egpare of getroudes wat met die eie of skoonfamilie probleme het, moet die volgende in gedagte hou:

- Dit is verstandig om 'n goeie verhouding met jou ouers en skoonouers op te bou en te handhaaf. Gelowiges is geroepe om die gebod te handhaaf: "Eer jou vader en jou moeder..." (Eks 20:12).
- "As jy en jou skoonouers min in gemeen het, is kort besoekies van tyd tot tyd die beste manier om goeie verhoudings te handhaaf. 'n Aangename atmosfeer kan normaalweg vir 'n redelike kort tydjie gehandhaaf word".
- Probeer om die sake waaroor jy en jou skoonouers verskil, nie tot 'n spits te dryf nie. Konsentreer liewers op die sake van gemeenskaplike belang.
- As ouers en skoonouers soms irriterend optree, doen hulle dit dikwels nie met kwade bedoelings nie. Dus behoort jong egpare wat aan sulke optrede onderworpe is, dit met meer gelatenheid te verduur, in die wete dat hulle op stuk van sake met mekaar getroud is en saamleef, en net periodiek aan sulke optredes uitgelewer is.
- Aanvaar jou ouers en skoonouers as unieke mense met tipiese menslike trekke. Moenie hulle probeer verander nie. Deur hulle ordentlik te behandel, met 'n gesindheid dat jy ook onvolmaak is

en mense aanstoot kan gee, kan jy baie bereik.

- As ouers of skoonouers se optrede onuitstaanbaar is, moet die egpaar saam oor hulle optrede besluit. In die uitvoering daarvan, moet hulle mekaar onderskraag. In geval van 'n konfrontasie, moet hulle as die kinders die ouers deurgaans met hoflikheid en respek behandel.
- Jonggetroudes moet verkieslik nie saam met ouers woon nie. In die beginjare van die huwelik is dit bevorderlik vir die huweliksgeluk dat hulle mekaar sal vind, alleen en sonder inmenging of teenwoordigheid van ander mense.
- Dit is al geboekstaaf dat 'n man byvoorbeeld jaloers is op die goeie behandeling wat sy vrou van haar ouers ontvang, terwyl hy nie dieselfde ervaring met sy eie ouers het nie. In so 'n geval moet die jaloerse persoon homself ondersoek, sy jaloesie kruisig en dankbaar wees vir die goeie gesindheid van een van die ouerpare.
- Moenie jou maat teen jou ouers afspeel nie. Dit kan so maklik gebeur dat 'n man of vrou, in geval van huweliksonenigheid, sy/haar lot by sy/haar ouers gaan bekla. Dit kan groot verleentheid vir jou maat veroorsaak en selfs verwydering tussen julle tot gevolg hê.
- Moet nooit jou ouers met jou skoonouers vergelyk nie. Dit kan vir jou maat 'n pynlike ervaring wees as sy/haar ouers in die proses van vergelyking aan die kortste end trek.
- Behou gereeld kontak met die ouers aan beide kante, toon liefde en opregte waardering vir wat hulle is en doen.
- Werk hard aan julle huwelik. Dit is 'n entiteit op sigself. As jy en jou maat vrede met mekaar het, sal julle moontlike ouer/skoonouer-probleme met groter grasie en gemak kan hanteer.

VRAE VIR BESPREKING

1. Noem 'n paar dinge wat julle in die optrede van julle ouers aan beide kante waardeer.

.....

.....

.....

2. Wat doen julle om irriterende optrede van ouers/skoonouers te minimaliseer?

.....

.....

.....

3. Is jy nie dalk te oor-sensitief oor bepaalde optredes van jou ouers/skoonouers nie?

.....

.....

.....

4. Wat is die beste strategie vir 'n egpaar in geval van ernstige probleme met ouers/skoonouers?

.....

.....

.....

Afdeling B

1 OORSPRONG VAN DIE HUWELIK

Volgens die Bybel is die huwelik as instelling aan God se genade te danke. Dit is vir God nie goed dat die mens eensaam is nie (Gen 2:18), daarom maak Hy genadiglik vir die mens 'n hulp wat by hom pas. En die paslike hulp wat God aan die mens gee, is 'n vrou. Dit beteken hoegenaamd nie dat die vrou bloot net 'n hulp, soos 'n gebruiksartikel is nie – nee sy is 'n waardige helper, wat haar man blymoedig onderskraag en onderdanig is, "soos in die Here" (Ef 5:22). Dit alles impliseer natuurlik dat die man ook tot hulp vir sy vrou moet wees. Ja, die huwelik as 'n gemeenskap tussen twee mense van verskillende geslagte, veronderstel wedersydse hulpverlening.

Fisies en geestelik verskil 'n man en 'n vrou baie van mekaar. Dit is egter die wonder van God se werk, want juis deur hulle wedersydse andersheid kan hulle mekaar aanvul en verryk, en kan die een die ander met sy of haar eiesoortige aard tot besondere hulp wees.

As ons in die Bybel lees wat Paulus oor die huwelik sê, lyk dit op die oog af asof Paulus die ongetroude staat aanmoedig, ten koste van die huwelik (1 Kor 7:25-40). Dit is egter nie so nie, Paulus wil volgens dié gedeelte slegs te kenne gee dat daar gevalle mag wees, soos byvoorbeeld in sy situasie, dat die verbreiding van die evangelie beter kan geskied sonder die verantwoordelikheid wat die huwelik meebring. 'n Mens moet volgens hom egter die genade daartoe ontvang om ongetroud te kan bly. Indien jy nie so begenadig is nie, moet jy liewer trou (1 Kor 1:17).

Hieruit is dit duidelik dat Paulus nie te kenne wil gee dat die huwelik sonde is nie. Allermins, volgens Johannes 2:1-12, het Christus self 'n troue bygewoon.

Verder is dit belangrik om daarop te let dat die huwelik 'n eenman, een-vrou verhouding is (Matt 19:8). As sodanig is die huwelik as 'n samevoeging deur God bewerk, onontbindbaar (vergelyk Mal 2:13-16). Sonder vrees vir teëspraak, kan dan ook beweer word: dat alleen in 'n monogame huwelik die beste in die man én in die vrou, tot volle ontplooiing kan kom en tot wedersydse geluk kan lei.

Die feit dat God die huwelik ingestel het, dat dit 'n onverbreekbare verhouding is, behoort nie net getroudes nie, maar ook voorne-

mende egpare met groot erns te vervul. Getroudes moet met die feite in gedagte, besef waarvoor hulle hulle ingelaat het, die dag toe hulle getroud is. Ongetroudes moet weet waarin húlle hulle begeef met die oorweging van 'n huwelik.

VRAE VIR BESPREKING

1. Wie het die huwelik ingestel?

   .....

2. Wat sou u sê is God se primêre doel met die huwelik?

   .....

3. Noem in volgorde van belangrikheid, volgens u siening, die drie vernaamste terreine waarop man en vrou wedersyds hulp aan mekaar kan verleen.
   (i) .....
   (ii) .....
   (iii) .....

4. Mag gelowiges skei? (Motiveer u antwoord).

   .....

   .....

5. Hoekom reken u kan 'n poligame huwelik nie slaag nie?

   .....

   .....

2 DIE HUWELIK AS INSTELLING, IS ALLEEN DEUR CHRISTUS 'N VERBINTENIS MET MOONTLIKHEDE

Uit die paradysverhaal (Gen 2:4b-3:24) verneem ons dat God die huwelik ingestel het. Die verhaal bestaan uit twee afdelings: Die eerste afdeling (Gen 2:4b-25) handel oor hoe die mens in die paradys gekom het. Dit is 'n aangrypende verhaal, wat getuig van God se verstommende skeppingsvermoë en die heerlikheid van alles wat Hy tot stand bring. Die klimaks van die deel van die verhaal, is waar die man die vrou wat God vir hom geskep het, ontmoet. Dit bevestig die feit dat die man-vrou-verhouding as hulp vir mekaar, as egmaats 'n besonder God-gewilde bestaan vir die mens is.

In die tweede afdeling van die verhaal (Gen 3:1-24) gaan dit oor die mens se verdwyning uit die paradys. Dit is 'n droewige verhaal, wat spreek van die mens wat in sonde geval het, en die straf daarvoor ontvang.

In die eerste afdeling van die verhaal hoor ons van mense wat in volkome geregtigheid onbeskroomd met God kan omgaan. Ons hoor van man en vrou as twee-eenheid in 'n toestand van harmonie. In die tweede afdeling hoor ons van mense wat vanweë die sondeval geskend is, en as sondaars 'n houding van haat en onvrede openbaar. Hierdie toestand, wat deur die sondeval meegebring is, maak die huwelik in beginsel onmoontlik. Man en vrou as sondaars, wat nou van nature geneig is om God en sy ewemens te haat, is nie gebore in staat om in vrede en harmonie saam te leef nie. As sondaar of sondares, wat nie eers volkome vrede met hom- of haarself kan hê nie, is dit onmoontlik om te hoop op vrede met jou man of vrou. Dit is dus duidelik dat 'n intieme verhouding, soos wat die huwelik veronderstel, noodwendig vanweë die sondige geaardheid van die egmaats, katastrofiese gevolge moet hê.

Die sondeval het egter nie die laaste woord oor die mens te sê nie. In die volheid van die tyd stuur God Jesus Christus na die wêreld, om die breuk, wat daar tussen Hom en die mens vanweë die sondeval ontstaan het, te herstel. Hy neem die oordeel van God oor die sonde op Hom. En so het Hy nuwe skepping moontlik gemaak.

Deur Christus se volkome offerande aan die kruis, kry die mens vergifnis, word herskep met nuwe verwagtinge. Die vroumens word ook herskep, sy word ook bevry en as mededeelgenoot

van die lewe kan sy saam met haar man op die ewige lewe hoop.

Deur Christus se werk kan die twee, man en vrou, weet dat die huwelik ook weer opnuut sin en betekenis het, want as verloste sondaars, kan hulle weer vrede met God, hulleself en met mekaar hê.

As gelowiges in Christus glo hulle dat Christus hulle vergifnis bied vir alle sondes, en as sodanig kan hulle nie anders as om uit dankbaarheid mekaar te vergewe nie, mekaar te verdra en te verduur nie. As daar vanweë hulle sondigheid 'n breuk ontstaan (ons leef mos nog in die voorlopige bedeling), hoef hulle nie hatig en wrokkig teenoor mekaar te voel nie. Nee, by herinnering aan Christus se vergewensgesindheid jeens hulle, word hulle gedwing om mekaar in so 'n situasie te vergewe, sodat die huweliksband opnuut herstel kan word.

Omdat die Christelike egpaar glo dat Christus hulle uit liefde van ondergang kom red het, en hulle in sy optrede egte liefde leer ken het, kan hulle nie anders nie as om iets van hierdie liefde na mekaar toe te weerkaats. Die liefde wat Christus aan sondaars bewys, is offervaardige, verdraagsame, geduldige liefde. 'n Mens kan nie vergoed vir God se liefde nie, alhoewel 'n mens as Christen verplig is om antwoord te gee op die groot liefde, deur jou naaste op dieselfde manier lief te hê. En wie is nader aan 'n mens as jou man of vrou? Die egte Christlike liefde, waarmee man en vrou mekaar moet dien, bly egter die vrug van die Heilige Gees, wat teregkom in die lewe van die mens wat deur Christus herskep is. Dus om lief te kan hê, soos Christus liefgehad het, is 'n gawe deur die Gees.

So sien ons dat waar die huwelik vanweë die sondeval 'n onmoontlikheid geword het, dit danksy Christus weer 'n geseënde verbintenis kan wees, waar man en vrou opnuut tot hulp vir mekaar kan wees.

VRAE VIR BESPREKING

1. Hoekom is die huwelik in beginsel 'n onmoontlikheid?

.....

.....

.....

2. Kan 'n huwelik sonder kennis van God se liefde slaag?

.....

.....

.....

3. Noem drie kenmerke van Christus se liefde vir sondige mense.

.....

.....

.....

4. Het jy jou man/vrou of aanstaande so lief?

.....

.....

.....

5. Neem jy jou huweliksmaat of aanstaande in alle omstandighede in ag?

.....

.....

.....

6. Is jy altyd eerlik met jouself en met jou maat?

.....

.....

.....

* Vrae 4, 5 en 6 word individueel beantwoord en word deur die egmaats onderling bespreek, dit wil sê dié vrae word nie in die grootgroep bespreek nie.

3 MAN EN VROU AS HULP VIR MEKAAR IN DIE GELOOFSLEWE

Omdat God die huwelik ingestel het, en dit as instelling deur die werk van Christus baie moontlikhede inhou, moet gelowige egpare besef dat hulle 'n roeping het om in hulle huwelik te vervul. Hierdie roeping van die gelowige getroude, wat ook die roeping van die ongetroude mens is, is dat jy die Here jou God sal liefhê met jou hele hart, met jou hele siel, met jou hele verstand en met al jou kragte.

Nou is dit 'n feit, trouens die praktyk wys dit uit: Waar die liefde tot God ontbreek, is 'n huwelik gedoem tot 'n volslae mislukking. Ware liefde tot God is geloof in Jesus Christus en 'n opregte gehoorsaamheid aan sy wil, soos aan ons bekend gemaak deur sy Woord. Liefde tot God vra van ons, dat ons as sy gemeente, en daarom ook as getroude gemeentelede, sal leef soos Hy in sy Woord sê dat verloste sondaars moet leef.

As ons God liefhet en meer wil weet wie ons God is, van wat Hy doen en eis, moet ons as man en vrou voortdurend saam Bybel lees. Die wysheid wat egmaats so saam uit die Bybel kan put, sal ook as kostelike rigsnoer dien van hoe ons as getroudes moet leef en in ons huwelik die lof van God moet verkondig. Wie se lewe deur die Woord van God deurdrenk word, ontwikkel ook talryke Christelike deugde, wat die lewe van almal om jou en van jou huweliksmaat net kan verryk.

Die egpaar wat gereeld saam in hulle privaatlewe na die Woord van God luister, sal as hulle reg geluister het, mekaar aanmoedig om met Christus se gemeente mee te leef. Want in die prediking en deur die sakramente, wil God op besondere wyse tot die mens spreek en sy geloof versterk. Die gelowige egpaar wat saam met die gemeente leef, ontdek in die midde van die gemeenskap van die heiliges, dat hulle nie alleen in die wêreld 'n geloofstryd het om te stry nie, maar dat hulle deel van die strydende kerk is. Die huwelikspaar wat hulle afskei van die gemeente, moet noodwendig geestelike skade ly, wat een of ander tyd op hulle huwelik gewreek word.

Afgesien van alles wat tot dusver gesê is, moet die gelowige egpaar, om vir mekaar 'n hulp in die geloofstryd te wees, gereeld vir mekaar bid. 'n Mens wat sonder ophou bid (1 Tess 5:17-18), bid soos

Christus ons leer bid het; verootmoedig hom of haar telkens voor God; en weet by Wie 'n mens krag, sterkte en vergifnis ontvang. Die gereelde bidder weet dat God aan hom of haar minder sy Gees sal weerhou, as hy of sy Hom daarvóór vra, as wat die wakkergemaakte man, in die gelykenis van die onbeskaamde vriend, die brode van sy lastige vriend weerhou het (Luk 11:5-13). En nou is dit so dat die Heilige Gees by uitstek die Goeie Gawe is, wat ons nodig het in ons huwelikslewe om met wysheid en begrip te kan verdra en te kan vergewe.

Is daar dalk spanning in jou huwelik? Is daar 'n kommunikasiegaping? Is daar 'n onverklaarbare stramheid of doodsheid in jou verhouding? Wil jy hê dat dit anders moet wees? Dit kan anders wees. Jou huwelik kan 'n vreugdevolle ervaring wees as jy met oorgawe na sy Woord luister en met sy gemeente meeleef, terwyl jy sy troon van genade biddend nader.

VRAE EN BESPREKING

1. Moedig jy jou man/vrou, vriend/vriendin aan om saam te gaan kerk toe?

   .....

   .....

2. Lees jy gereeld jou Bybel?

   .....

   .....

3. Wanneer laas het jy vir jou man/vrou, vriend/vriendin gebid?

   .....

   .....

4. Glo jy dat die Bybel die vernaamste bron is om sin aan die huwelik te gee?

   .....

   .....

5. Wat beteken die nagmaalviering vir jou?

.....

.....

6. Praat jy en jou man/vrou, vriend/vriendin ooit oor die Bybel?

.....

.....

---

* Al ses die vrae word individueel voltooi en slegs deur egpare of voornemende huweliksmaats bespreek, sonder terugrapportering in die grootgroep.

4 MAN EN VROU AS GEESTELIKE HULP VIR MEKAAR

In die huweliksformulier word die aspek van wedersydse hulpverlening ook soos volg geformuleer: Die een moet die ander getrou help en bystaan in alle sake wat tot die tydelike en ewige lewe behoort. Die hulpverlening ten opsigte van die sake wat tot die ewige lewe behoort, is in die vorige hoofstuk oorsigtelik bespreek.

Wat die tydelike dinge betref, is daar soveel aspekte wat bespreek kan word, vanweë die wye verskeidenheid van menslike behoeftes in die alledaagse lewe.

Elke man en vrou het behoefte aan geborgenheid of sekuriteit. Elke man en vrou wil as individu erken en raakgesien word. Dit is 'n saak wat elke man en vrou dan ook moet besef, dat jy jou man en vrou as unieke mens met sy of haar eie aard, ideale en verlangens moet waardeer. Sonder skroom moet die een die ander die geleentheid bied om homself of haarself te wees, met afwesigheid van die vrees dat jy dalk verwerp sal word as jy jouself is.

So kan die een die ander bystaan, sodat die beste en mooiste deugde en talente tot ontplooiing kan kom. Dit bring noodwendig opofferings mee, maar die geluk van selfverwesenliking binne huweliksverband vergoed mildelik daarvoor.

En omdat ons net mense is, vra ons soms geduld en lankmoedigheid van ons lewensmaat, sodat wanneer ons neerslagtig of bevrees, moedeloos of swak is, ons nie in sulke situasies deur ons onvolkomenheid neergevel sal word nie.

As sodanig het ons 'n groot verantwoordelikheid om mekaar te troos en te bemoedig, wanneer die een of ander in 'n krisis van sy of haar lewe beland. Op dié wyse onderskraag en dra ons mekaar geestelik, wanneer dit gebeur dat die een of ander se krag en vermoë ontoereikend is om probleme, angste of terugslae te verwerk.

Ons staan as egmaats dikwels so onverskillig teenoor mekaar se diepste node, verlangens en vreugdes. Ons leef so dikwels saam afgetrokke langs mekaar. Dikwels word individueel aan die man of vrou gesê: Jou man of vrou se emosies is hulle eie, hoe jou man of vrou reageer is hulle eie saak, net solank jy vrede in jou gemoed het. Dit is natuurlik 'n handige tegniek om jou los te maak van die ander se ongelukkigheid of kommer, en op jou eie aan te gaan.

As ons egter besef dat ons as egpaar vanweë die huwelik 'n tweeeenheid vorm, moet ons mekaar aansien en aanhoor, moet ons mekaar probeer begryp en mekaar met liefde help om waar nodig, die insig te verkry om die kommer of ongelukkigheid te oorkom. Die man en vrou wat die beginsel van die wysheid ken, naamlik die vrees van God, kan in besondere mate met die wysheid in die hart mekaar onderrig, vorm en slyp, om meer en meer ewewigtige mense te wees. So groei man en vrou geestelik in die huwelik, en word hulle beide ryper mense, omdat hulle mekaar aanvul en van mekaar leer. Dit is 'n skoling wat 'n mens net in die intieme huweliksverbintenis kan ervaar.

Om dit alles te verkry, moet egpare leer om meer sensitief ten opsigte van mekaar se gevoelens te wees. Dit beteken natuurlik dat elkeen in die eerste plek sensitief sal word vir sy of haar eie behoeftes, tekortkominge, gebreke en swakhede. As 'n mens jouself ken, van die eie-self bewus is, weet jy wat jy in die lewe wil hê. Jou selfidentiteit hou ook direk verband met jou eie-waarde; dit is die respek wat jy vir jouself het. As 'n mens homself ken, kan hy sy eie emosies beter verwerk, omdat hy of sy weet waar die sterk of swak punte is.

Soos wat jy jouself moet ken, van die eie-self bewus moet wees, moet die man en vrou noukeurig en oplettend mekaar betrag en beluister. Met fyngevoelige ingesteldheid moet hulle van mekaar se swakhede, sowel as mekaar se deugde bewus wees. Deur mekaar te ken, te verstaan en vir mekaar begrip te hê, kan hulle mekaar des te beter tegemoetkom en verdra.

VRAE VIR BESPREKING

1. Is jy volkome van jou swakhede bewus?

   .....

   .....

2. Wat is jou grootste swakheid?

   .....

   .....

KITAL

3. Wat hinder jou die meeste van jou maat?

   .....

   .....

4. Is jy sensitief genoeg vir jou eie gebreke?

   .....

   .....

5. In watter mate is jy sensitief vir jou maat se tekortkominge? (Het jy begrip daarvoor, of word jy daardeur geïrriteer?)

   .....

   .....

6. Neem jy jou maat se emosionele behoeftes en verlangens in ag?

   .....

   .....

7. Bevredig jou maat joú emosionele behoeftes?

   .....

   .....

* Al die vrae word individueel voltooi en daarna deur egpare of voornemende pare bespreek, sonder terugrapportering in die grootgroep.

5 SEKSUELE HULPVERLENING IN DIE HUWELIKSVERHOUDING

'n Gelukkige seksuele verhouding tussen man en vrou, kan 'n groot bydrae lewer om die huweliksverhouding te verinnig.

Die Bybel as sodanig, maak heelwat uitsprake oor menslike seksualiteit. Op grond hiervan is dit duidelik dat die Christen sterk afwysend moet staan teenoor enige vorm van hoerery of seksuele perversiteite. Hoerery is byvoorbeeld 'n praktyk wat die Bybel sterk veroordeel, want hoerery is oneindig aftakelend vir die waardigheid van die mens as mens. In hoerery is die hoer bloot 'n gebruiksartikel en as mens dus van geen besondere betekenis nie. In hoerery gaan dit bloot om die botviering van die luste, sonder dat liefde, begrip en bedagsaamheid wedersyds gegee en ontvang word.

Aan die ander kant moet duidelik gestel word dat die Bybel seksuele gemeenskap tussen man en vrou binne huweliksverband positief waardeer (Gen 2:24).

In 1 Korintiërs 7:1-15 leer ons by Paulus dat 'n mens die seksuele behoeftes van 'n mens nie kan ontken nie. Op enkele uitsonderings na (soos byvoorbeeld Paulus self), is 'n man sowel as 'n vrou so geskape dat hulle 'n verlange het na die bevrediging van hierdie seksuele behoeftes. Nou sê Paulus dat huweliksmaats verplig is om erkenning te verleen aan die behoefte tot bevrediging van seksuele drifte, wat daar by elkeen heers.

Dit is dan ook die primêre oorweging by Paulus, ter aanmoediging van seks binne huweliksverband. Hieruit kan ons aflei dat Paulus nie 'n houding bepleit waar seks net gereserveer moet word om kinders te verwek nie.

Op grond van dit alles kan ons sonder skroom beweer dat seksuele gemeenskap in huweliksverband 'n daad van wedersydse liefde en welwillendheidsbetoon is. Die man en vrou hunker na mekaar, hulle wil mekaar met liefde omvou, hulle wil liggaamlik deel hê aan mekaar; hulle wil mekaar ten volle beleef. Paulus sê dat dit nie nagelaat moet word nie en dat egpare verplig is om vir mekaar in dié verband van harte, op gereelde grondslag beskikbaar te wees.

Hierna sê Paulus, as huwelikspare dit nie doen nie, kan dit gebeur dat die een of die ander dit by iemand anders kan gaan soek. En so kan die huweliksband baie ernstig geskaad word. Dus, die een wat

nie die ander se behoeftes erken en bevredig nie, staan ook skuldig as die huweliksmaat hierdeur in iemand anders se arms gedryf word.

Dit is dus voor-die-hand-liggend dat Paulus die klem swaar laat val op die wedersydse erkenning en waardering vir mekaar se liggaamlike behoeftes. En 'n mens kan glo dat die rede vir hierdie opvatting in die feit geleë is dat die Bybel nie 'n heillose skeiding tussen liggaam en gees maak nie. Juis dit, dat die Bybel die mens in sy totaliteit as gees en liggaam waardeer, onderstreep die belangrikheid daarvan dat egte liefde noodsaaklik is vir 'n blywende gelukkige en betekenisvolle geslagtelike verhouding.

Baie huweliksprobleme en saaie, kleurlose huweliksverbintenisse ontstaan dikwels omdat daar egpare is wat hierdie wedersydse behoeftes nie begryp en bevredig nie. Die oorsake vir die onbegrip is dikwels legio, byvoorbeeld 'n verwronge opvatting in verband met seks; onder meer die benadering dat die seksdaad in die huwelik 'n noodsaaklike "werk" is; of dat seksuele toegewings aan mekaar net 'n spesiale toegif is. Inteendeel, as 'n man en vrou mekaar waarlik liefhet, sal hulle weet dat liefde ook met die daad bewys moet word, dan eers word dit liefde wat gee. In die verband moet gewys word op die gevaar van 'n seksuele benadering wat neerkom op 'n houding van: in ruil vir dit of dat, gee ek jou seks. In die praktyk sou so 'n benadering daarop neerkom dat 'n vrou net aan haar man se seksuele behoeftes sal voldoen, indien hy die een of ander teenprestasie, volgens haar wens, sou lewer; of dat 'n man bereid is om byvoorbeeld sy vrou goed te behandel as sy hom seks aanbied. As ons mekaar liefhet, gee ons ons heelhartig sonder voorbehoud aan mekaar. Geslagsgemeenskap is dus in die volkome huwelik 'n verpligting jeens mekaar – 'n liefdesverhouding van gee en neem.

As egpare maar net wil luister na die Bybel en hulle verantwoordelikheid in die verband begryp, sal hulle in staat wees om met groter liefde hulle in mekaar te verbly, om meer en meer onbesorg hulle aan mekaar oor te gee. As dit die gesindheid is, dan vervul die seksuele belewing in die huwelik 'n oneindig verrykende funksie.

VRAE VIR BESPREKING

1. Is hoerery die moeite werd? (Motiveer jou antwoord).

.....

.....

2. Hoe waardeer die Bybel huwelikse seks?

.....

.....

3. Hoe beskou jy die rol van seks in die huwelik?

.....

.....

4. Watter verband bestaan daar tussen liefde en seks in die huwelik?

.....

.....

5. Ervaar u 'n gelukkige huwelikse seksuele verbintenis? (Indien nie, wat sou u sê is die probleme?)

.....

.....

* Vraag vyf word nie in die grootgroep bespreek nie, *maar slegs deur egpare*. Vir 'n kursus vir huweliksvoorbereiding, word die vraag uit die aard van die saak nie bespreek nie.

6 KOMMUNIKASIE IN DIE HUWELIK

"Kommunikasie, dit wil sê wanneer een persoon probeer om aan 'n ander persoon 'n boodskap oor te dra, bestaan uit twee prosesse, naamlik waarneming en die oordra van inligting. Interpersoonlike kommunikasie vind nie alleen plaas deur woorde nie, maar ook deur gesigsuitdrukkinge, gebare, stiltes, deur te luister en alle nie-verbale tekens wat gebruik word om idees oor te dra".

Hieruit is dit duidelik dat egte kommunikasie méér is as net gesproke woorde. 'n Mens kan met of sonder woorde kommunikeer. 'n Mens se liggaamshouding, die manier waarop hy na die een met wie hy praat kyk, sy handgebare, is alles wesenlik deel van kommunikasie as interaksie tussen mense.

Vir 'n gelukkige huweliksverhouding is goeie kommunikasie tussen man en vrou noodsaaklik. 'n Mens kan sê dat gesonde kommunikasie die hart van die huwelik is.

Verskillende oorsake vir versteurde huwelikskommunikasie kan aangevoer word:

- *Misverstande* tussen egmaats kan dikwels ondoeltreffende kommunikasie veroorsaak. Misverstande kan ontstaan, omdat daar soms nie duidelik gepraat en geformuleer word nie. Hoe dikwels gebeur dit nie dat 'n mens eers 'n hewige rusie op die lyf moet loop, om dan agterna te sê: "Ek het dit of dat nie bedoel nie". Om misverstande en gevolglike onenighede te voorkom, moet ons reg praat en duidelik formuleer.
- "Verbale en nie-verbale kommunikasie kan soms verskillend deur egliede waargeneem word, met die gevolg dat *teenstrydige interprestasies* daaraan geheg word".

So 'n interprestasie-verskil kan natuurlik baie probleme meebring. Om mekaar te verstaan, moet vir elke man of vrou 'n doelwit wees om te verwesenlik, ten einde geslaagde dialoog te bevorder. Dit is egter baie belangrik: "Dat elke huweliksmaat terdeë bewus sal word van sy eie gewaarwording, want alleen dán kan die maat ook werklik verstaan word". Dit is 'n feit dat 'n egmaat dikwels 'n ander se gevoelens nie verstaan, omdat hy of sy homself of haarself nie ken

nie. As 'n mens jou eie node, vrese en vreugdes nie kan aanvaar nie, sal jy nie in staat wees om jouself vir die ander oop te stel nie.

"Indien 'n huweliksmaat nie bewus is van sy eie gevoelens van onderdrukte irritasies of onopgeloste spanning nie, kan dit baie maklik aanleiding gee tot 'n onverdiende negatiewe opmerking teenoor die maat, wat vir beide onverklaarbaar is. Indien die maat dan geneig is om op hierdie onredelikheid ook negatief te reageer weens die kommunikasiepatroon wat in die huwelik gebruik word, sal die egpaar se huweliksverhouding al hoe meer as onbevredigend ervaar word".

Dus, deur jouself te leer ken en te leer om jou emosies te verwerk, is om kommunikasie te bevorder.

- Kommunikasie-probleme word dikwels ook veroorsaak vanweë die feit dat baie *egpare dikwels baie onrealistiese verwagtinge ten opsigte van hulle huweliksverhouding koester.* Grobbelaar en Blignaut wys daarop dat dit soms gebeur dat die een die ander ten volle verantwoordelik hou vir wat in die huweliksverhouding gebeur. Dan word daar ook onredelikerwys van die maat verwag dat hy/sy presies sal weet wat die ander dink of voel, sonder dat hierdie gedagtes of gevoelens aan die maat bekendgestel word. Gevoelens van wrok, teleurstelling en onttrekking ontstaan gewoonlik indien die behoeftes en wense nie aan die maat bekendgemaak word nie. Vir hierdie probleem is daar net een antwoord: die man en vrou is mede-verantwoordelik vir mekaar en vir 'n bevredigende dialoog.
- Om te sorg dat 'n gesonde dialoog in mense se huweliksverbintenis karakteriseer, moet ons bereid wees om na mekaar te *luister.* "Om te luister is meer as om hoflik te sit en wag tot dit jou beurt is om te praat. Dit is meer as om net woorde te hoor! Om te luister is om te probeer verstaan wat jou maat vir jou wil sê". Huwelikskommunikasie sal noodwendig skade ly as die een in die verhouding alleen wil praat, sonder om te hoor wat die ander te sê het.
- 'n Algemene klagte, wat mense wat helpend by die huwelik betrokke is, dikwels moet hoor, is: "Ek en my man se probleem is, *ons praat nie met mekaar nie*". Dit is so dat daar tye is dat stilswye die beste is, maar om in 'n afsydige stilswyende kommunikasiepatroon te verval, is kontra-produktief vir 'n gesonde huweliksverhouding. 'n Man en vrou wat nie vloeiend en openlik met mekaar kan gesels nie, kom nooit werklik "naby aan mekaar" nie.

Oor die wyses waarop gekommunikeer word, en wat bevorderlik of skadelik is ten opsigte van die saak van huwelikskommunikasie, kan lank en breedvoerig gepraat word. Gelowige egpare wat met erns besef dat die huwelik 'n instelling van God is, en as sodanig weet dat ons met mekaar se behoeftes rekening moet hou, sal weet dat hulle met mekaar móét praat, dat hulle ook in die verband hulp moet verleen, deur mekaar aan te hoor, te antwoord en met mekaar mee te leef. By dit alles sal gelowiges, wanneer hulle kommunikeer, met mekaar so verkeer soos wat hulle wil hê dat ander met hulle moet kommunikeer. Christus leer mos: "Behandel ander mense soos julle self behandel wil word" (Luk 6:31).

As dit 'n mens se uitgangspunt is, sal jy noodwendig kwetsende, vernederende opmerkings vermy; woorde wat soos "dolksteke" (Spr 12:18) is, met selfbeheersing nie uiter nie; en jou weerhou van 'n gevoellose afsydigheid; of 'n ongebrydelde gekyf.

As jy praat en luister, soos wat jy wil hê dat daar met jou gepraat moet word, en na jou geluister moet word, sal jy noodwendig 'n aangename en onmisbare gespreksgenoot vir jou man en vrou word. Die gevolg sal wees dat deur gesonde kommunikasie met mekaar, die huwelik al hoe meer 'n vreugdevolle ervaring word, met oneindig baie troos en krag vir die huweliksgenote.

VRAE VIR BESPREKING

1. Hoe sal jy kommunikasie beskryf?

   .....

   .....

2. Watter faktore lei tot ondoeltreffende huwelikskommunikasie?

   .....

   .....

3. Is jy eerlik in jou kommunikasie?

   .....

   .....

4. Het die gelowige 'n verantwoordelikheid om met sy/haar egmaat te kommunikeer?

.....

.....

5. Hoe behoort 'n Christen, ook ten opsigte van kommunikasie, sy of haar maat te behandel?

.....

.....

.....

7 GELDSAKE EN DIE HUWELIK

Uiteenlopende sienings deur man en vrou oor die betekenis van geld, kan tot ernstige huwelikskonflikte lei. Dit is daarom verbasend dat so baie verloofde pare dikwels naïef aanvaar dat geld geen probleem in die huwelikslewe sal veroorsaak nie.

Die verskillende sienings van geld by egmaats, het verskillende oorsake. Die besteding van geld en bepaalde koopgewoontes, word tydens die kinderjare aangekweek. In die lig van die feit dat egmaats mense met verskillende agtergronde is, kan dit so maklik gebeur dat hulle sin vir ekonomiese waardes nie korreleer nie.

'n Mens se eiesoortige sielkundige samestelling het ook baie te make met hoe jy geld en goed waardeer. Vir die neuroot byvoorbeeld, is geld 'n doel op sigself, hy vrees altyd dat iemand hom te na sal kom. "Alles word in belang van die geldmaakproses opgeoffer; die besit van geld word 'n primêre motief; hy reageer buitensporig emosioneel wanneer hy geld moet weier of uitgee. Ander kan weer as gevolg van 'n diep minderwaardigheidskompleks onbeheersd geld spandeer, om sodoende vir die kompleks te vergoed. Dus het die besteding en waarde van geld vir elke individu 'n legio oorsake.

Die feit bly egter staan dat by huweliksluiting daar 'n bepaalde finansiële verhouding tussen die egliede tot stand kom, wat besondere aanpassings verg. Afgesien van die verskillende betekenisse wat geld vir die man of vrou mag hê, of sekere aangeleerde bestedingspatrone wat gedurende die jeugjare aangekweek is, is daar talle ander faktore wat huwelikskonflik kan veroorsaak:

- Jongmense se aanvangsalarisse is in die reël baie gemiddeld. Jonggetroudes wil dikwels met 'n huishouding begin wat meeding met dít waarmee hulle ouers afgetree het, en dit kan hoofbrekens veroorsaak.
- Onrealistiese verwagtinge ten opsigte van finansiële moontlikhede, kan soms ontnugterend wees. 'n Vrou wat byvoorbeeld gewoond was aan 'n hoë lewenstandaard in haar ouerhuis, kan dit dikwels nie verwerk as haar man haar nie dieselfde bied nie. Baie jong egpare is dikwels oor-optimisties en stel vir hulleself onrealistiese doelwitte ten opsigte van lewenstandaard. Sulke mense

beland dikwels in finansiële krisisse wat huwelikskonflik bewerk.
- Die werkende vrou het in ons samelewing 'n instelling geword. Tog skep dit in baie gevalle probleme. Dit wek soms by die man sowel as die vrou, veral as sy kinders het, allerhande skuldgevoelens. Onenigheid in die huwelik ontstaan soms as die werkende man en vrou begin tou trek oor "my salaris en jou salaris", en wie betaal wat. "Alhoewel dit natuurlik kan gebeur dat 'n egpaar besluit om nie hulle finansiële posisie op die vrou se inkomste te bou nie; gebeur dit gou dat die gesin se lewenstandaard op twee persone se salarisse gebaseer raak, doodeenvoudig omdat 'n mens geneig is om volgens jou inkomste te leef. Indien die vrou dan om die een of ander rede ophou werk, kan 'n ernstige finansiële krisis ontstaan".

'N BEGROTING IS ONONTBEERLIK

Om spanninge oor geld te vermy, moet egpare 'n begroting opstel. 'n Begroting is die beplanning van jou uitgawes in die lig van verwagte inkomstes.

Wanneer so 'n begroting opgestel word, moet die volgende in gedagte gehou word:

- Indien die vrou werk, besluit of haar inkomste apart gehou word of nie. In die lig van die eenheid van die huwelik is dit aan te beveel dat die egpaar se geld saamgevoeg word, wat vereis dat hulle as't ware as vennote saam oor aankope en vereffenings besluit.
- 'n Hipotetiese begroting moet voorsiening vir onvoorsienbare uitgawes maak.
- Probeer sover as moontlik by die opgestelde begroting bly. Moet egter nie so behep daarmee raak dat daar geen moontlikheid vir leefbare ruimte is nie. Neem dus aan dat die begroting dalk nie kan klop nie, vanweë talle eksterne faktore. Hier word nie gepleit vir 'n onverskillige houding nie. Maar om fanaties aan die begroting te kleef, deur byvoorbeeld elke sent wat gespandeer word op te skryf en voortdurend te kerm en te kla as alles nie honderd persent klop nie, kan sieldodend wees.
- Maak voorsiening vir persoonlike sakgeld vir elke huweliksmaat, vir eie persoonlike kleiner uitgawes.

- Die nie-werkende vrou kan 'n toelaag kry, wat sy en haar man saam bepaal. Andersins kan sy en haar man ooreenkom op welke wyse besteding gereël word.
- In ons tyd is dit onvermydelik om sekere items op skuld te koop. Tog moet 'n egpaar deeglik besin oor elke skuldtransaksie, sodat latere ellende voorkom kan word.
- Maak voorsiening vir versekering ten einde gemoedsrus te verseker. Hiermee hang ten nouste saam die belangrikheid van spaar om vir 'n eie huis te voorsien.
- Voorsiening vir aftree is ontsettend belangrik. Hiermee moet tydig begin word.
- 'n Gebalanseerde houding ten opsigte van geld en goed is belangrik. 'n Materialistiese lewenshouding laat so dikwels hoër geestelike waardes kwyn. Wanneer geld ter wille van status en gemak 'n allesoorheersende rol in die lewe van 'n persoon begin speel, kan dit so maklik by so iemand 'n lewenshouding word, dat 'n mens se lewe net tot by die duskant van die graf strek. Materialisme laat altyd die verwagting op die ewige lewe by God in die hemel, tot niet gaan.

Gelowige egpare moet dus weet dat ons aardse besittings nooit 'n doel op sigself moet word nie. Dit moet altyd vir ons 'n middel wees om ons in staat te stel om 'n gelukkige en betekenisvolle lewe te hê, waardeur ons God en ons naaste kan dien.

VRAE VIR BESPREKING

1. Wat moet die gelowige se gesindheid teenoor geld wees?

.....

.....

2. Wat is die nut van geld vir die huwelik?

.....

.....

3. Moet die gelowige egpaar in hulle begroting voorsiening maak vir die gee van 'n offergawe? (Motiveer u antwoord).

.....

.....

4. Verskil jy en jou eggenoot/verloofde se benadering ten opsigte van geld? (Indien wel, in welke mate?)

.....

.....

---

* Vraag vier word deur pare apart bespreek.

8 DIE ROL VAN MAN EN VROU IN DIE HUWELIK

Die man en vrou is mekaar se gelykes. Die eeue-oue wanopvatting dat die vrou minderwaardig is ten opsigte van die man, is lankal uit die weg geruim. Jesus Christus het self met sy optrede op aarde die waardigheid van die vrou-mens erken.

Tog is die vrou anders as die man, en die man anders as die vrou. Hierdie fisiese en geestelike verskil tussen man en vrou, is wesenlik in die mens ingeskape. Die mens is manlik en vroulik geskape. Dit is egter die wonder van die huwelik, dat hierdie twee verskillende mense in die getroude lewe saamgroei tot 'n hegte eenheid, sonder dat die een of ander sy of haar identiteit hoef prys te gee. Trouens, in die gelukkige huwelik kom hierdie unieke andersheid van man en vrou tot betekenisvolle ontplooiing; dan moet die egmaats egter weet wat hulle onderskeie rolle, of verantwoordelikhede in die verbintenis is. Baie frustrasie ontstaan in vele huwelike, juis omdat die spesifieke verantwoodelikhede van elke egmaat nie geken en besef word nie.

8.1 Die rol van die man

Die man moet die hoof wees van die vrou *(Ef 5:23; 1 Tim 3:4, 5, 12; 1 Kor 11:3).*

Dit is baie belangrik dat die man in die huweliksverhouding by verskillende geleenthede in sake rakende die gesin se belange, die leiding sal moet neem. Al is die man en vrou gelykes, kamerade, is dit onafwendbaar dat om soms probleme op te los, een van die egmaats die leiding sal moet neem. Die Bybel ken aan die man die posisie toe, as die hoof van die vrou. Hy moet egter vir haar 'n hoof wees, soos Christus Hoof is van sy kerk: "En wat vir 'n Hoof is Christus van sy kerk? – Hy het sy kerk so liefgehad dat Hy Hom vir haar oorgegee het. 'n Hoof wat nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien? 'n Hoof wat selfs sy lewe opgeoffer het? Dit is die soort hoof wat die man vir sy vrou moet wees." Die gelowige man is dus 'n hoof met die gesindheid van 'n dienaar.

En as sodanig moet hy volgens die huweliksformulier sy vrou *onderrig*. Dit beteken dat die man sy vrou sal voorgaan in die kennis van Christus: "Dit beteken dat die man Christus sal ken, dat hy die beginsel van die wysheid, naamlik die vrees van God in sy hart sal hê"

- As hoof sal die man sy vrou ook moet *troos*. Dit doen hy deur aan haar sekuriteit te bied. Deur met haar te praat, haar te begryp en te ondersteun, is hy vir haar tot troos.
- As hoof moet hy haar *beskerm*. Vanweë die vrou se samestelling het sy behoefte aan geborgenheid en beskutting. God gee juis 'n man aan haar, sodat sy nie vrou-alleen die stryd hoef te stry nie.
- Die man as eggenoot moet sy vrou *liefhê*. Hy moet haar liefhê soos Christus sy kerk liefgehad het. Dus moet die man sy vrou in selflose liefde dien.
- As eggenoot moet hy *met verstand by haar woon*. In alle nugterheid, met wysheid, moet die man aan die vrou leiding bied. Dit beteken dat die man met redelikheid insig van homself en sy vrou sal hê.
- Die man is ook die *broodwinner*. Al werk die vrou en dra sy ook tot die gesin se inkomste by, bly dit primêr die man se verantwoordelikheid om materieel vir sy gesin te sorg. In die lig hiervan moet die man getrou en met toewyding sy arbeid verrig, sodat hy sy gesin met eer sal kan onderhou.

8.2 Die rol van die vrou

- Die vrou en haar *huis*.
- "Die primêre taak van die vrou is by uitstek die van *tuisteskepper*. Dit is absoluut essensieel dat elke gesin 'n ware tuiste moet hê. Dit behoort vir elke lid van die gesin iedere dag 'n vreugde te wees om terug te gaan huis toe. By die man moet die gedagte aan die huis 'n aangename gevoel van rustige ontspanning wek, terwyl die kinders weer 'n gevoel van geborgenheid, wat veiligheid insluit, moet ervaar".
  Dit is natuurlik 'n baie veeleisende taak, veral as die vrou ook nog buitenshuis werk. Tog is dit so dat eintlik net die vrou vanweë haar ingeskape aard; haar vrou-wees; van die gesin se huis 'n hawe, 'n tuiste met atmosfeer kan maak. As tuisteskepper het die vrou 'n groot verantwoordelikheid ten opsigte van die *voeding* van die gesin; dit as sodanig stel ook eise aan haar vernuf en vermoëns. Die deugsame vrou sal in haar huis met vindingrykheid probeer om te *spaar*, waar moontlik. Die Spreuke-digter sê in die verband van 'n knap vrou: "Sy hou goeie toesig oor haar huishouding; lui is sy nie" (Spr 31:27).
- Die vrou as *eggenote*.

  "Die belangrikste taak van die vrou is om haar verhouding teenoor haar man op die regte grondslag te plaas".
  Die Bybel leer dat ook die vrou se verhouding teenoor haar man, op die verhouding van Christus en sy kerk berus. Soos wat die man as hoof dienaar is, verrig die vrou uit gehoorsaamheid aan die Woord van God dienswerk. "Sy verrig dienswerk aan haar man en huisgesin, met 'n liefde wat nie op menslike emosie berus nie, maar gebou en gevorm word deur die liefde van Christus". In die lig hiervan, is dit die vrou se taak om haar man by te staan in sy lewe en in sy werk. As haar man se vrou, is sy die mens wat die naaste aan hom staan, en as sodanig kan sy met begrip en vroulikheid vir hom 'n ongekende kragbron in sy lewe wees.
- Die vrou as *moeder*.

  "Dit is die moeder wat die grondslae moet lê van geloof, hoop en liefde, van gesinsverband en volksverband, van lojaliteit en trou, van gehoorsaamheid en selfdissipline. Dit is die moeder wat 'n kind leer om te glo en te vertrou, te bid en te bely, om liefde te kan gee en om liefde te ontvang!"
  Iemand het eenmaal gesê dat die vrou die "koningin van die lewe" is. Dit is baie waar, want slegs die vrou kan 'n kind in die wêreld bring, kan moeder wees. Hierdie vermoë van die vrou maak haar gans anders as die man; dit gee aan haar die inherente bevoegdheid om haar kind, wat deel van haar liggaam is, te voed, te koester en te beskerm. Die rol van die vrou as moeder manifesteer seker een van die heel mooiste fasette van vrou-wees.

8.3 Man en vrou moet mekaar aanvul

Ten spyte van die feit dat die man en vrou verskillende rolle het om te vervul, kan die rolverdeling nie in waterdigte kompartemente afgesluit word nie. Egpare moet saamwerk en mekaar se belange op

die hart dra. Man en vrou as deelgenote van mekaar in hierdie lewe, dra mekaar se laste en deel in mekaar se vreugde. In baie gevalle help die vrou haar man as broodwinner deur buitenshuis te werk, terwyl die man haar soms weer op haar terrein bystaan. Sonder om dus vroulikheid of manlikheid in te boet, met die besef van elkeen se rol, help man en vrou mekaar in alles – en so word die huwelikseenheid bevorder.

VRAE VIR BESPREKING

1. Is die man die vrou se meerdere?

   .....

   .....

2. Watter soort hoof moet die man vir sy vrou wees?

   .....

   .....

3. Wat is die vrou se vernaamste verantwoordelikheid?

   .....

   .....

4. Sal dit 'n man se manlikheid krenk as hy byvoorbeeld sy vrou met huistakies help?

   .....

   .....

9 KONFLIK IN DIE HUWELIK

In alle huwelike word van tyd tot tyd rusie gemaak tussen man en vrou. En nou is dit so dat huweliks-*konflik* ontstaan as gevolg van 'n legio *oorsake*. Gewoonlik maak egpare rusie, omdat hulle van mekaar verskil oor 'n verskeidenheid van sake. Hulle kan verskil oor finansies, seks, godsdienstige aangeleenthede, kinderopvoeding en dies meer. Egmaats se *agtergrond*, sin vir *waardes* en *lewensopvatting* is dikwels uiteenlopend van aard, en juis dit lê ten grondslag van baie rusies. Sielkundiges omskrywe dan ook konflik as 'n situasie waarin daar mededinging tussen twee of meer onverenigbare behoeftes, doelwitte of optredes is.

Wanneer konflik in die huwelik ontstaan, vanweë bepaalde onvervulde behoeftes wat daar by een of beide egmaats bestaan, kan dit lei tot 'n ernstige versteurde emosionele toestand, byvoorbeeld frustrasie, wat geweldige spanninge in die verhouding kan meebring.

Nou is dit so dat huweliks-onenigheid op verskillende maniere gehanteer kan word. Eerstens word 'n paar *negatiewe moontlikhede* genoem.

* **Onttrekking:**
  Dit kan gebeur dat een van die egmaats hom of haar van 'n argument kan onttrek, omdat die persoon rusies haat. Die oorsaak van so 'n houding kan dalk wees dat 'n persoon bang is om gekwets te word en derhalwe maar in sy of haar dop kruip.

* **Sondeboksoekery:**
  "Wanneer onskuldiges vir die probleem geblameer word en tot voorwerp van aggressie gemaak word, is 'n voorbeeld hiervan. 'n Vrou wat haar man byvoorbeeld as 'n leuenaar en bedrieër beskou, kan bang wees om hom te konfronteer en dan sê dat hulle seun 'n leuenaar of bedrieër is". Hier het ons dus te make met 'n vorm van 'n konflikafleier, wat byvoorbeeld die kinders in die gesin kan laat ly.
  Die vorm van konflikhantering het egter baie ander vorme. "'n Vrou wat byvoorbeeld om verskillende redes nie uiting kan gee aan haar woede vir haar man nie, kan die woede uiteindelik teen haarself rig. Woede wat na binne gerig is, het 'n vernietigende

uitwerking en kan mettertyd hoë bloeddruk, maagsere of asma veroorsaak, as gevolg van die spanning wat dit meebring. Die psige word ook beïnvloed. Verdronge woede kan oorgaan in neerslagtigheid, wat gepaard gaan met die kenmerkende gevoelens van swaarmoedigheid en moegheid".

Soms is dit ook so dat mense dinge wat hulle diep ongelukkig maak, probeer verwerk deur na 'n "vroeëre of onvolwasse gedragsvorm terug te keer". Die vrou wat nie van 'n bepaalde optrede van haar man hou nie, kan byvoorbeeld baie huilerig word, of aan die situasie ontsnap deur weg te loop, in plaas van om hom te konfronteer.

Ander vorme van ontvlugting van konflik is byvoorbeeld die vrou wat ergerlik teenoor haar man voel en nie weet hoe om dit te hanteer nie, en haar dan oorgee aan kompulsiewe ooreet, huisskoonmaak of chroniese uithuisigheid.

* **Dreigemente**:
  Een van die egmaats kan deur middel van dreigemente probeer om die verhouding te normaliseer. Byvoorbeeld: "As jy nie jou gesindheid teenoor my werk verander nie, gaan ek bedank".
* **Omkopery:**
  Wanneer 'n vrou se man se optrede frustrasie wek en sy uit vrees vir konflik nie die saak in die reine bring nie, kan sy hom byvoorbeeld omkoop met allerhande lokmiddels soos: "As jy minder drink, sal ek sonder 'n bediende werk en kan ons met die ekstra geld vir jou 'n nuwe kamera koop".
* **Gewelddadige aanvalle**:
  Wanneer egmaats in woede uitbars en krenkende woorde na mekaar slinger, mekaar aftakel en selfs te lyf gaan, is dit 'n gewelddadige vorm van negatiewe konflikhantering.
* **Rasionalisering**:
  "Dit is die proses waarvolgens daar aanneemlike redes of verskonings vir gedrag of situasies wat nie volkome aanvaar is nie, aangevoer word. 'n Voorbeeld hiervan is die vrou wat sê dat sy nie ordentlike maaltye kan kook nie, omdat die kombuis te klein is".
* **Projeksie**:
  "Die meganisme waarvolgens 'n mens jou eie ongewenste eienskappe, foute, drange, begeertes of gedagtes aan iemand anders toeskryf en dit nie as jou eie wil erken nie". 'n Voorbeeld hiervan is die kil vrou wat haar man van wellustigheid beskuldig.

* **Kompensasie**:
  Dit is die poging om vir 'n bepaalde tekortkoming te vergoed, deur op 'n ander terrein uit te blink. 'n Vrou wat byvoorbeeld nie aan haar man se emosionele behoeftes kan voldoen nie, sal probeer om hom met groot maaltye te oorlaai.

Hierdie lys van negatiewe maniere om konflik te hanteer, kan nog meer uitgebrei word. Vervolgens handel ons eerder oor die positiewe hantering van konflik.

Konflik as sodanig is in 'n sekere sin heilsaam vir die huwelikslewe. Deur konflik leer egliede om by mekaar aan te pas, en in die omstandighede groei en ontwikkel hulle persoonlikhede en verhouding.

Die weg van *positiewe konflikhantering* is die volgende:

* **Erken dat 'n verskil bestaan**:
  Egpare wat in konflik verkeer, moet beide bereid wees om ruiterlik te erken dat daar 'n probleem is.
* **Lug jou griewe**:
  Met vrymoedigheid moet 'n egpaar vir mekaar kan sê wat hulle hinder. Griewe lug is nie dieselfde as blameer of verwyt nie.
* **Wees bereid om te luister**:
  Elke huweliksmaat moet bereid wees om te luister na wat die ander te sê het. Baie rusies verhewig en eindig op 'n dooiepunt, omdat elkeen net sy sê wil sê, sonder om na die ander een te luister. Om na mekaar te luister, beteken nie net om die ander een te hoor praat nie, maar om ook nie-verbale aanduiders soos gebare, gesigsuitdrukkings en dies meer waar te neem.
* **Identifiseer die probleem**:
  As 'n egpaar insien dat 'n bepaalde probleem ten grondslag van die konflik lê, en bereid is om daaroor te praat, moet beide maats bereid wees om die probleem wat die konflik veroorsaak, te identifiseer. Vervolgens moet hulle beide na die beste oplossing soek om die geïdentifiseerde probleem op te klaar. Indien daarin geslaag kan word om eenstemmigheid te verkry oor die "beste oplossing" vir die probleem, moet dadelik daaraan gewerk word.
* **Behou jou Christelike waardigheid**:
  Gelowige egpare moet altyd in gedagte hou dat die neiging by die mens om rusie te maak, uit sy sondige natuur spruit. Die *Kategismus* leer mos dat ons van nature geneig is om God en ons naaste te haat. Met hierdie wete moet egpare hulle nie daarop toespits om 'n

konflik aan te blaas nie. Wanneer 'n konflik ontstaan, moet 'n mens ten alle koste probeer om mekaar nie dinge toe te snou wat moeilik vergeet kan word nie. As egpare, selfs as konflik ontstaan, kan onthou dat hulle verloste sondaars is, kan dit konfliksituasies temper, sodat daar in billikheid verskil kan word.

VRAE VIR BESPREKING

1. Omskrywe die begrip *konflik*.

   .....

   .....

2. Noem vyf negatiewe maniere waarop konflik gehanteer kan word.

   .....

   .....

3. Wat is die vernaamste oorsaak vir konflik in die huwelikslewe?

   .....

   .....

4. Noem vyf positiewe stappe vir konflik-oplossing.

   .....

   .....

10 DIE HUWELIK EN KINDERS

Kinders is een van die vernaamste faktore van huweliksgeluk of -ongeluk.

Voordat 'n paar besluit om te trou, moet hulle openlik by mekaar vasstel wat hulle gesindheid omtrent kinders is. Dit beteken dat hulle beide vooraf 'n idee moet hê van hoeveel kinders hulle graag sou wou hê. Hulle moet selfs konsensus verkry oor die vraag of elkeen van hulle hoegenaamd kinders wil hê of nie. Dit kan byvoorbeeld vir 'n vrou 'n geweldige ontnugtering wees as sy voor haar huwelik van 'n huis en kinders droom, om dan na die troue te ontdek dat haar man glad geen begeerte het om kinders te hê nie. Dit is ook belangrik om min of meer te weet hoe lank na die voltrekking van die huwelik hulle kinders moet hê. Party mense redeneer dikwels dat hulle eers genoeg geld bymekaar moet maak om met kinders te kan begin. Die probleem in dié verband is net dat 'n mens nooit genoeg geld kán maak nie! Aan die ander kant is dit ook nie goed om te gou met 'n gesin te begin nie. 'n Egpaar moet eers die geleentheid gegun word om mekaar goed te leer ken, sonder om nog eers aandag aan 'n baba te spandeer. Eers as hulle mekaar goed gevind het, sal hulle met die nodige ewewigtigheid 'n suigeling kan hanteer.

Wanneer 'n egpaar reeds kinders het, moet die volgende, ter wille van huwelikseenheid, in gedagte gehou word.

- **Hulle moet grootliks eenstemmig wees oor kinderopvoeding.**
  As 'n egpaar verskil oor die opvoeding van hulle kinders, kan dit nie net huwelikspanning veroorsaak nie, maar ook vir die kind verwarrend wees van wat reg en verkeerd is. Om eenstemmigheid ten opsigte van kinderopvoeding te verkry, beteken dat 'n egpaar tot in 'n hoë mate dieselfde lewensopvatting sal huldig. Onvermydelik sal die egpaar met mekaar moet praat oor wat hoogs waardevol vir hulle kind en vir die hele gesin is. Dit mag geen ligvaardige besinning wees nie, want ouers moet altyd met die feit rekening hou dat 'n kind anders as 'n dier, nie grootword nie, maar grootgemaak moet word; dus 'n skepsel wat tot verantwoordelikheid gelei moet word. Oberholzer lê die klem reg as hy sê: "Indien 'n ouer

my in alle waaragtigheid meedeel dat hy met die opvoeding van sy kind probeer om sy beloftes wat hy by geleentheid van die sakrament van die heilige doop aan sy kind afgelê het, gestand te doen, weet ek dat hy die mens, dus ook sowel homself as sy kind, as geskapenes deur God beskou". Gelowige verbondsouers wat hulle kind aansien as skepsel, wat saam met Christus begrawe is en opgewek is tot 'n nuwe lewe, kan nie anders nie as om met groot erns en toewyding hulle kind se opvoeding ter harte te neem, en boonop as 'n gemeenskaplike verantwoordelikheid.

- **"Die goeie ouer-kindverhouding veronderstel steeds 'n goeie huweliksverhouding".** As man en vrou gelukkig getroud is; mekaar probeer verstaan; geestelike kontak met mekaar maak; kan hulle uiteraard as 'n twee-eenheid hulle kinders met groter sukses opvoed. 'n Gelukkig getroude egpaar wat een van hart en sin is, se kind sal in 'n hoë mate geborgenheid ervaar en 'n duideliker beeld hê van wat verwag word. Onnodig om te sê dat so 'n toedrag van sake net huweliksgeluk in die hand kan werk.
- **Die grootste behoefte van ons tyd, is gelowige ouerskap.** Wie sy kind aan die hand van die Bybel grootmaak, het 'n onfeilbare norm. As die Woord van God vir beide ouers die riglyn vir kinderopvoeding is en daarby, soos reeds hierbo gesê, hulle hulle kind as skepsel van God waardeer, het hulle min probleme om die groot taak van ouerskap te vervul, en sal hulle derhalwe ook nie hierdie verantwoordelikheid probeer ontduik nie. Onnodig om te sê, as die Woord van God ouers se maatstaf vir die grootmaak van kinders is, sal materiële dinge, eer en aansien nie die belangrikste ideale wees wat aan die kind voorgehou word nie, maar daardie onvergelyklike deugde van eerbaarheid, waaragtigheid en gehoorsaamheid aan waardes, wat hoër is as die lewe self.

VRAE VIR BESPREKING

(Vir diegene wat hulle vir die huwelik voorberei)

1. Wat is jou gesindheid ten opsigte van kinders?

.....

.....

2. Hoe voel jou maat oor kinders?

.....

.....

3. Hoeveel kinders sou julle wou hê?

.....

.....

(Vir getroude persone)

4. Verskil jy en jou man oor die opvoeding van julle kinders?

.....

.....

5. Wat is die moeilikste aspek van die grootmaak van julle kinders?

.....

.....

(Vir albei groepe)

6. Wat is die belangrikste oplossing vir gelukkige ouerskap?

.....

.....

11 WERK AAN JOU HUWELIK

'n Ongelukkige huwelik maak 'n mens se hele lewe onplesierig. 'n Ongelukkige getroude mens werk en ontspan, leef en bestaan in 'n voortdurende toestand van onvergenoegdheid. 'n Mens kan nie anders as om te sê dat daar in 'n ongelukkige huwelik 'n oneindige stuk menslike smart en droefheid opgesluit lê nie.

In breër verband kan 'n mens ook sê dat as dit met die huwelike van 'n volk sleg gaan, dit met daardie volk sleg gaan. "Die kwaliteit van die huwelikslewe bepaal die kwaliteit van die gesinslewe en ook die kwaliteit van die lewe in die kerk en gemeenskap".

In die lig van dit alles is dit belangrik dat alle egpare hulle sal beywer vir gelukkige Christelike huwelike. Een ding wat egpare dikwels uit die oog verloor (veral jonggetroudes), is dat 'n egpaar *hard moet werk om huweliksgeluk te verseker.* 'n Mens aanvaar so maklik dat huweliksgeluk vanselfsprekend is. Dit laat baie voornemende egpare valse en onrealistiese verwagtinge koester. So 'n houding kan baie pynlike ontnugterings in die huwelikslewe veroorsaak.

Getroudes moet mekaar derhalwe aanvaar as unieke individue, wat voortdurend poog om mekaar se individualiteit te erken en te respekteer, sonder dat die een die ander met iemand anders sal vergelyk.

Wanneer 'n egpaar aan mekaar werk en slyp, mekaar selfs opvoed, moet dit altoos met geduld en liefde geskied, met in agneming van mekaar se menswaardigheid. Dit alles vereis natuurlik harde werk, in die sin van lankmoedige verdraagsaamheid wat beoefen moet word. Terselfdertyd moet die man sowel as die vrou afsonderlik in nugterheid besef watter eie tekortkominge vir die ander een aanstoot gee en dit met toewyding probeer verander in soverre dit swakhede is, soos byvoorbeeld baasspelerigheid, humeurigheid, onbedagsaamheid, ensovoorts.

Om aan jou huwelik te werk, is juis om jou eie-ek dikwels te kruisig en dikwels jou belange ondergeskik te stel aan dié van jou maat. Vir 'n sondige mens, wat altoos in die middelpunt gestel wil word, is dit inderdaad harde werk!

Huweliksgeluk beteken voortdurende groei in die egverhouding. En vir die groei van die verhouding moet daar juis hard gewerk word. Egmaats moet met mekaar praat oor wat hulle van hulle huwelik wil maak, en dan vir hulleself gesamentlike doelwitte stel, en hulle gesamentlik beywer vir die realisering daarvan.

By dit alles moet hulle die "klein dingetjies" in die lewe nie miskyk nie. 'n Bemoedigende woord of blik, 'n vriendelike en waarderende opmerking op die regte tyd, is van groot waarde vir die ander een en insgelyks vir die huweliksverhouding as sodanig. 'n Verrassing in welke vorm ook al, selfs al is dit gering, is 'n tasbare blyk van: "ek gee om". Die een wat op die manier behaag word, moet nie gedagteloos daarby verbyleef nie, maar dit met warme erkentlikheid raaksien en waardeer.

TEN SLOTTE

Wanneer 'n egpaar se huwelikslewe 'n laagtepunt bereik, selfs in 'n nagmerrie ontaard, moet beide nog steeds met onvermoeide ywer werk om weer 'n vreugdevolle verbintenis daarvan te maak. Alles moet in die stryd gewerp word om mekaar te vind, soos in die begin toe hulle met liefde net mekaar gekies het, en aan mekaar trou beloof het.

Die allerlaaste om te oorweeg as daar 'n krisis opduik, is 'n egskeiding. Gelowiges skei nie, omdat God egskeidings haat. Egskeiding is die verbreking van sy wil. Daarom, in dae van geluk en ook in dae van diepe ongeluk, moet die egpaar as 'n tweeeenheid altyd met God rekening hou, voortdurend waak en bid, voortdurend na sy wil vra en dit doen. As egpare met hierdie gesindheid aan hulle huwelik werk, werk hulle nie tevergeefs nie.

BRONNE

1. Barnard, A: *Verryk jou huwelik.* Pretoria, Daan Retief Uitgewers, 1982.

2. Beukes, MJ du P: *Die Huwelik* ('n ongepubliseerde uitdeelstuk).

3. Cronje, G: *Man en vrou in die huwelik.* Kaapstad, HAUM, 1968.

4. Dreyer, PS: *Geboorte Huwelik Dood.* Krugersdorp, NHW Pers, 1955.

5. Grobbelaar, SWP en Blignaut, HCJ: *Huweliksberaad.* Eroll Marx Uitgewers, 1983.

6. Jacobs, R: *Huweliksvoorligting en -beraad.* Gids 2. Pretoria, Universiteit van Suid-Afrika, 1979.

7. Koekemoer, JH. (red): *'n Deugsame Vrou.* Pretoria/Kaapstad, HAUM, 1981.

8. Loader, JA (red): *Een plus Een is Een.* Pretoria, Kital, 1983.

9. Loader, JA: *Ou-Testamentiese perspektiewe ten dienste van die besinning oor die vrou in die kerklike amp.* HTS, Jg 34 (3).

10. Mace, DR: *Voorbereiding vir die huwelik.* Pretoria/Kaapstad, HAUM, 1981.

11. Oberholzer, CK: *Ons en ons kinders.* Kaapstad/Pretoria, HAUM, 1961.

12. Pop, FJ: *Die Tweede brief van Paulus aan die Corinthiërs.* Nijkerk, Callenbach, 1971.